# HOOFSTUK 5

## KRITIESE BEOORDELING VAN DIE EKSISTENSIALISTIESE TENDENS IN DIE TEOLOGIE EN GODSDIENSONDERRIG

Die vraag vir die hedendaagse onderwyser in die Godsdiensonderrig is: Steek daar in die eksistensie=teologie enigiets wat vir die Godsdiensonderrig van waarde kan wees? Indien wel, wat is daar wat van waarde is en hoe kan dit in die Godsdiensonderrig geim=plementeer word? Is daar in hierdie teologie beskou=inge wat in stryd is met die Woord van God en wat ska=delik kan wees vir die godsdienstige vorming van ons kinders? Indien wel, hoe moet hierdie beskouinge be=stry word en wat behoort gedoen te word om ons jeug te bewapen in die stryd om die waarheid?

In hierdie hoofstuk word eerstens gepoog om die positiewe elemente in die hedendaagse teologie aan te dui. Vervolgens word die leemtes en die vir ons on=aanvaarbare elemente aan die kaak gestel In die laas=te twee hoofstukke word dan riglyne gebied vir die toerusting van ons jeug teen die gevaarlike elemen=te in die eksistensieteologie en aangetoon hoe die po=sitiewe daarin deur die onderwyser in die Godsdienson=derrig geïmplimenteer kan word.

### 1. Positiewe elemente in die eksistensieteologie wat vir die Godsdiensonderrig van waarde is

## 1.1 Prikkel tot verantwoordelike besinning

Daar kan verskil van mening wees oor die terapie wat deur die hedendaagse radikale teoloë aan die hand gedoen word, maar dit kan net lonend wees om hulle diagnoses ernstig nader te beskou. Die boekie van dr. J.A.T. Robinson, „Honest to God" is byvoorbeeld baie belangrik omdat hier bepaalde kerklik-teologiese sieteverskynsels onder die vergrootglas geneem word. Robinson dwing ons om die probleme waarvoor die drie Duitse teoloë (Bonhoeffer, Bultmann en Tillich) ons gestel het te deurdink en na 'n beter verantwoorde op= lossing te soek. Die konfrontasie met „Honest to God" e.a. hedendaagse radikale teologiese publikasies stel aan ons 'n taak wat breed en diep is: Moet die tradi= sionele Godsvoorstelling hersien word in die lig van die Skrif? Het vele onder ons werklik van God 'n „Daddy in the sky" gemaak? Moet daar 'n nuwe grondige besinning kom oor die problematiese vraag na die teo= logiese betekenis van die Skrif? Wat is ons antwoord op die probleem van die teologiese interpretasie van die religie?[1] En só kan die vrae vermeerder word, vrae wat brand in die harte van menige gelowige en wat as rekening aan die kerk van ons tyd aangebied word. Ons word eenvoudig gedwing om ons af te vra teen wel= ke foute, swakhede en halfhede die neo-modernisme dit hét en of ons rede het om in die lig van hulle kritiek ons standpunte te hersien.[2]

1) Szekeres, A. Bischof Robinsons „Honest to God" und die wirkliche Aufgabe der Theologie heute, Nederlands Teologisch Tijdschrift, 20(2): pp. 204-211, Febr. 1966.

2) Van Dyk, M.P. Naar een nieuwe vrijzinnigheid, p. 83.

Die radikale teologie suggereer dat die einde van „konvensionele Christendom" aangebreek het.[3] Die rede wat aângevoer word is dat die Christendom van ons tyd te veel op tradisie en konvensie berus en dat die geloof van baie Christene in 'n groot mate onverant=woord is. En nou word gepleit vir 'n verantwoordelike Godsgeloof.[4] Weer mag ons verskil t.o.v. die soort Godsgeloof wat ons voorgehou word deur die hedendaagse teologiese terapeute, maar waar daar gevra word na 'n meer verantwoorde Godsgeloof kan die ernstige gelowi=ge nie afsydig staan nie.

Die probleem van ons tyd is vir baie mense hoe die gelowige in die huidige gesekulariseerde wêreld nog oor God kan spreek.[5]

Die radikale teologie maak een ding aan ons dui=delik: dat die Godsgeloof geen banale vanselfsprekend=heid is nie, maar wesenlik vra om 'n ingrypende „meta=noia", 'n bekering, by baie mense. Toe die kultuur=wêreld nog Christelik genoem kon word, was die geloof 'n vanselfsprekendheid, 'n houding van gesonde ver=stand.[6] In ons tyd kan 'n bloot „konvensionele ge=loof" nie meer stand hou teen die aanslae van die se=kularisme nie, en daarom moet daar 'n diepergaande antwoord gegee word as tot hiertoe ten einde die teen=

3) Van de Pol, W.H. Het einde van het conventionele Christendom.

4) Id., Op weg naar een verantwoord Godsgeloof.

5) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een gesekularizeerd wereld. Tijdschrift voor thelogie, 7(4): pp. 345, 346, Okt., Nov., Des. 1967.

6) Loc. cit.

slae te kan weerstaan. Vir die onderwyser in Gods= diensonderrig, ja vir elke Christenonderwyser, is dit opnuut opdrag om nie slegs homself deeglik te kan ver= antwoord m.b.t sy Christelike geloof en beginsels nie, maar ook om die leerlinge die nodige fondament vir 'n persoonlik verantwoorde geloof te bied. Dat daar deur die huidige oproep tot 'n verantwoorde geloof 'n enorme pedagogiese opdrag geproklameer word, sal elk= een toegee en insien.[7)]

1.2 Die „Godsbeeld"

In die huidige teologiese tendense het ons te doen met 'n normale ritmeverskynsel: Die horisontalisme van vandag is 'n reaksie teen te veel vertikalisme in die verlede.[8)]

In 'n tyd waarin ernstig besin word oor God en waarin 'n algemene wending na lewensbekoudike besinning soos nog nooit tevore plaasvind, mag mens nie pessimis= ties dink oor die toekoms van die Christelike geloof en van die kerk nie. Die grenslose en oewerlose verken= ning van ons tyd moet nie rede tot paniek wees nie, want dit is tegelykertyd 'n teken van vernieude kerk-wees en verantwoordelike Christen-wees. Enersyds suiwer die skerper onderskeidingsvermoë die Godsdiens van 'n magiese wêreldopvatting en van die nog hier en daar aanwesige bygeloof en vereis dit 'n meer persoon= like en aktiewe geloofsoortuiging. Hierdeur kom vele

7) Lekepraat, P. Ad Fontes, 15(11): p. 266, Sept. 1968.
8) Loc. cit.

tot 'n meer lewende Godsbesef, hoewel ons eerlikheids= halwe moet toegee dat meer en meer mense daardeur van die godsdienspraktyk verwyder word.[9] Daarby het die gelowiges natuurlik die troos en versekering van Je= sus self: „En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie."[10]

Robinson se boek „Honest to God" het Tillich, Bult= mann en Bonhoeffer gepopulariseer en vandag word breed en diep oor God gespreek en gediskuseer. Al wys mens Robinson se antwoorde af, moet tog erken word dat hy gewigtige vrae gestel het. Robinson kom beslis sui= werend werk waar daar nog aan die Godsvoorstelling wat hy bestry vasgehou word, d.w.s. waar God nog gehou word as 'n „deus ex machina" of as „the old Man in the sky", ens. Sy onverwerping van 'n karikatuur van God is wins, al mis hy die telologiese aanvoeling om tussen Bybelse Godsbeeld en karikatuur te onderskei en beide vermeng. Ongetwyfeld vestig Robinson die aandag daar= op dat met bepaalde religieuse voorstellings en vorm= gewings iets nie in orde is nie. Dit is ook te waar= deer dat hy die uitvlug in die religie, die wettisisme en die skynheiligheid bekamp. Ook is dit van eminente betekenis dat hy kragdadig aandag en openheid vir die

9) Fiolet, H.A.M. Vatikanum II als uitganspunt van een vernieuwde geloofsbezinning (In Berkouwer, G.C. en Van der Woude, A.S. Revolte in de theologie, pp. 104-112).

10) Joh. 10:28, 29.

medemens en vir die wêreld eis. Hier kan Robinson 'n waardevolle regstelling en heilsame prikkel vir die praktiese Christendom wees, wat steeds in die gevaar verkeer om die gebod van die naasteliefde resloos in die eerste tafel van die wet te laat opgaan.[11] In genoemde opsigte het die eksistensieteoloë beslis 'n boodskap vir die onderwyser in Godsdiensonderrig wat eerstens sal moet vasstel watter wanbegrippe daar in die harte van sy leerlinge lewe en dan ernsig sal moet poog om reg te stel wat verkeerd is.

Die eksistensieteoloë stel ons voor die vraag: Bepaal die statiese wêreldbeeld waarin die Westerse Christendom vasgevang is nie ook die Godsvoorstelling nie? Die probleem wat deur hulle gestel word, sowel as die gebrekkige oplossings wat gebied word, dwing ons opnuut om die Godsbegrip teologies uit die Skrifmatige verbande af te lei. Ons huidige probleme is net groter en dieper as wat Robinson en sy geesgenote vermoed en daarom moet revisie, ook van die Godsbegrip meer diepgaande wees.[12] Die waarde van die radikale teologie is dus vir ons o.a. daarin geleë dat hulle ons wil leer dat God anders is as wat oor die algemeen gemeen word.[13] Veral vir die leerlinge in die kinderjare, wanneer die Godsbeeld gevorm moet word, sal die

11) Szekeres, A. Bischof Robinsons „Honest to God" und die wirhlicke Aufgabe der Theologie heute. Nederslands Theologisch Tijdschrift, 20(2): p. 204, Febr. 1966.

12) Ibid. p. 206.

13) Lekkerkerker, A.F.N. Waar staan wij nu? (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 186).

beeld wat deur die onderwyser aan hulle voorgehou word, van die allergrootste belang wees.

Dr. Lekkerkerker is van mening dat die hedendaag=se teologiese tendense daarop dui dat teologie in ons tyd weer besig is om „teo-logie" (spreke van God) te word. Die hoofsaak kom weer in die brandpunt van die diskussie. Dit roep die gelowige weer op tot verant=woording van sy geloof. Uit hierdie diskussie, meen hy, sal God op sy tyd tog maar weer as oorwinnaar uit die stryd tree, want per slot van sake het dit al die tyd oor Hóm gegaan![14)]

'n Beslis positiewe aspek van die sg. „vernuwings=teologie" is die polemiek teen alle Godsvoorstellinge van 'n „theologia naturalis". Navrae bring aan die lig dat baie mense aan God dink as 'n almagtige, alwyse, algoede, algemene Voorsienigheid wat sal sorg dat alle disharmonie van ongehoorsaamheid en leed opgelos word in harmonie. In hierdie God raak die mens maklik te=leurgesteld.[15)] Só kan die moord op Retief en sy man=ne 'n lastige steurnis wees vir die geloof in hierdie algoeie Voorsienigheid. Die vriendelike God van Ge=sang 7 het in die moderne tyd werklik „gesterwe"! 'n Mens kan slegs wonder hoeveel die sentimentele hal=leluja-liedere wat soms in die skool 'n prominente plek in die gewyde sang, veral by die kleiner kinders in=neem, bydra tot die vaslegging van só 'n skewe Godsbeeld!

Die eksistensieteoloë bestry ten regte 'n teologie wat uitgaan van die menslike ervaring van God. Só

14) Ibid., p. 189.
15) Ibid., pp. 189, 190.

gesien is hulle dus sterk gekant teen sodanige natuur=like teologie. Op voetspoor van Bonhoeffer verwerp hulle die religieuse ervaring as voorwaarde vir die geloof.[16] Hier kan die onderwyser ook maar gerus die teregwysing ter harte neem.

Wanneer die eksistensieteoloë stryd voer teen „ver-beelding" van God, kan ons dit maar net beaam. Dr. A.S. van der Woude toon aan dat uitgebreide en intensiewe navorsing daarop dui dat die oorspronklike vorm van die tweede gebod gelui het: „Jy mag vir jou geen gesnede beeld maak nie" Daarmee word bedoel: 'n Gesnede beeld van Jahwe. Omstandighede het later gelei tot uitbreiding van die gebod. Hy wys verder daarop dat Deut. 4:9-20, veral vv. 12 en 15 die tweede gebod in verband bring met die feit dat die volk Jahwe tydens die wetgewing op Horeb slegs gehoor het, maar nie gesien het nie. Hieruit lei hy dan af dat 'n die beeld nie, maar die woord konstitief is vir die open=baring van God.[17]

Inderdaad is dit so dat God aan ons in sy Woord openbaar dat Hy onvergelyklik is: Ek is wat Ek is. By die ander diepe betekenis van hierdie selfgegewe Naam van God hou dit ook in dat God die „verborge" God bly; die Godsnaam (Ek is) is kwalifikasieloos,

16) Hoenderdaal, G.J. Een tussentijdse balans van de huidige theologische situatie. Nederlands Theologisch Tijdschrift, 22(2): p. 211, Febr. 1969.

17) Van der Woude, A.S. Het tweede gebod (In Berkou=wer, G.C. & Van der Woude, A.S. Revolte in de theolo=gie, pp. 174-180).

anders as die name van die gode in die oud-Oosterse wêreld. Die oud-Oosterse godename verteenwoordig steeds 'n bepaalde element in die natuur of geestes=wêreld. Dit ontbreek by Jahwe geheel-en-al. Sy heiligheid en andersheid word op unieke wyse onder=streep.[18)]

Dit beteken dat Jahwe nie as predikatiewe begrip aan 'n dominerende synsaspek van die kosmos toegeken kan word nie.[19)] Niks „van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is" kan materiaal bied om Hom te verbeeld nie. Die Godsvoorstelling van 'n God „daarboven" en „daarbuiten" kan so 'n beeld wees.[20)] Die onderwyser in die Godsdiensonderrig kan nie anders as om waar hy dag vir dag die Naam van God op sy lippe moet neem en die Persoon van God aan kinders moet be=kendstel, instemmend kennis te neem van die reaksie teen 'n valse Godsbeeld wat ook in die kindergemoed ingeëts mag wees.

Die Bybel leer inderdaad nie 'n God daarbuite nie. Van der Woude wys daarop hoe in die profesie ook gewei=er is om God in só 'n beeld vas te vang: Toe die tyd=genote van Sefanja in hulle welvaart in deïstiese rus gedink het: Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie, is die goddelike oordeel oor hulle weens

18) Ibid., p. 181.

19) Kuitert, H.M. De mensvormigheid Gods, p. 197.

20) Van der Woude, A.S. Het tweede gebod (In Berkou=wer, G.C. & Van der Woude A.S., loc. cit.)

hulle wandade aangesê?[21] (Het hulle nie ook maar prakties gemeen dat God dood is nie?) 'n Godsdiens=onderrig wat los staan van die lewe van elke dag kan ook by die kinders die idee van 'n deistiese God laat.

Van der Woude noem nog 'n mooi voorbeeld van 'n valse Godsbegrip wat redelik algemeen voorkom en waar=teen die profeet sy tydgenote gewaarsku het. As hul=le uitroep: „Die Here se tempel, die Here se tempel, die Here se tempel is dit", menende dat die tempel en Sion as woonplek van Jahwe die onomstootlike waarborg bied vir hulle eie nasionale welsyn, dan word die uit=verkore volk van God ook die oordeel aangesê! Die Ou Testament leer dus nie 'n God „daarbo en daarbuite" nie, maar ook nie 'n tradisionele „God met ons" as ewige waarborg vir politieke en maatskaplike welsyn nie. Ook in dié beelde laat God Hom nie vasvang nie.[22]

Bedreig hierdie twee gevare van valse „ver-beel=ding" van God nie ook ons eie volk nie? Daar bestaan inderdaad die gevaar dat ons in ons ekonomiese welvaart 'n deïstiese Godsbeeld kan ontwikkel. Daarom het die eksistensieteoloë ook in hierdie opsig vir ons 'n bood=skap waarvan veral die onderwyser in die Godsdiensonder=rig moet kennisneem. Politieke en kultuursprekers gebruik verder dikwels die woorde: „God het ons as volk in hierdie suidpunt van Afrika met 'n roeping geplaas". En in plaas van dan die klem op die „roeping" te laat val, verstaan baie daaronder dat hierdie „roeping" nou die waarborg vir die voortbestaan van ons volk is.

21) Loc. cit. (en Sef. 1:12, 13).

22) Ibid., p. 182.

Só word dan ook van God 'n „deus ex machina" gemaak. Ook hierdie valse Godsbeeld wat by baie mense bestaan stel 'n taak aan die opvoeder.

Verering van Jahwe onder die gedaante van 'n beeld hou 'n miskenning in van sy „anders-wees"; dit is 'n aantasting van sy heiligheid, 'n aanslag op sy vryheid; dit verlaag God tot 'n kosmiese mag en ontneem Hom sy „Persoonlikheid"[23)]

Die onderwyser in die Godsdiensonderrig kan dus by die eksistensie-teoloë dít leer: Daar is geen weg gegee waardeur ons oor God kan beskik nie. Hy is nie herleibaar uit die natuur, uit die gebeure of uit ons hart nie. Ons is enkel op sy Woord aangewese.[24)]

1.3 Christosentrisiteit

Hoewel die uitsprake van Van Buren en van Sölle, veral dié van eersg. m.b.t. Joh. 14: „Wie My gesien het, het die Vader gesien" uiters aanvegbaar is, roep hierdie e.a. radikale teoloë tereg op om te begin by Jesus. Die unieke gebeure van Jesus van Nasaret is sentraal vir die meeste woordvoerders van die „God-is-dood"-beweging. Vir die soveelste maal sê hulle wat Barth al veertig jaar vroeër en ander selfs baie vroeër as dit gesê het, nl. dat mens geen verstandige woord oor God kan sê buite die verhaal van die dade van die God van Israel in die wêreld hier en nou, sy dade

23) Ibid., p. 183.
24) Loc. cit.

veral in Jesus van Nasaret, nie.[25] In hierdie opsig het die Godsdiensonderrigonderwyser 'n besondere taak.

## 1.4 Die Bybel

Die radikale teoloë van ons tyd vestig opnuut weer ons aandag op die menslike sy van die Heilige Skrif, hoewel die „menslike" m.i. deur hulle totaal oorbeklem= toon word. Waar daar egter klem gelê word op die feit dat die Bybel nie in wetenskaplike taal geskrywe is nie, maar in voorwetenskaplike taal, dat die Bybelskrywers kinders van hulle tyd is en die begrippemateriaal van die alledaagse ervaring van hulle tyd aanwend om God te openbaar, dat die Bybelskrywers nie alwetende mense is nie, maar gebruik maak van die aan hulle bekende be= grippe uit hulle ervaringswêreld, mense is wat nie hul= le tyd vooruit is nie, mense wie se uitdrukkinge be= paal word deur die destyds aanvaarde wêreldbeeld, daar kan ons nie anders as om, terwille van korrekte begrip van die bedoeling van die Skrif, dankbaar gebruik te maak van sekere perspektiewe wat hulle aan ons open nie. En waar die onderwyser aan kinders van die ruim= te-eeu die Boek van die Openbaring van God vir sy leerlinge moet open, verklaar, dui, en toepas, moet met hierdie gedagtes terdeë rekening gehou word. Riglyne in hierdie verband word in die volgende hoofstukke ge= bied.

Die eksistensieteoloë dwing elke ernstige Skrif=

25) Lekkerkerker, A.F.N. Waar staan wij nu? (In Berk= ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. op. cit., p. 192)

student om hom opnuut rekenskap te gee van wất hy presies voor hom het as hy die Bybel oopslaan. Wat bind die feite in hierdie Boek saam? Wat gee sin daaraan? Die uitsprake van die sg. „vernuwingsteoloë" dwing eenvoudig die Godsdiensonderrig- en Bybelkundeonderwyser om te gaan besin oor die herkoms, ontstaan, groei en samestelling van die kanon, dit stimuleer tot soeke na helderheid m.b.t. die inspirasie en die gesag van die Skrif. Dit prikkel tot nuwe waardering van die genadeverbond as singewende faktor nie net van die Bybel as geheel nie, maar ook in elke afsonderlike Bybelles.

## I.5 Die mens in sy situasie

Die eksistensialiste lê tereg groot klem op die individuele mens in sy konkrete situasie. Die antropologie is nie net in Christelike kringe verwaarloos nie, maar die mens is dogmaties algemeen omskrywe, nóú soos honderd jaar, soos duisend jaar gelede. Daar is nie daarmee rekening gehou dat die mens van vandag in 'n samelewing lewe met 'n sosiale bestel wat totaal verskil van dié van die mens van honderd of duisend jaar gelede nie. Wie die mens slegs bepaal met behulp van altyd enersblywende struktuurdefinisies, die mens in algemene terme beskrywe, het geen egte mens voor oë nie. Die mees konkrete van menswees is dat mens leef en beweeg, werk en liefhet in 'n bepaalde tyd en in 'n bepaalde samehang. Hierdie samehang is medebepalend vir wie hy is. 'n Mens is nooit tydloos nie en kan nie „ont-tydelik" word nie, is nooit abstrak nie. Vir wie geld hierdie feit meer as vir die opvoeder, in

besonder die onderwyser in die Godsdiensonderrig?[26)]

Onder invloed van die moderne tegniek stort die ou wêreldbeeld ineen. Dit voel die nuwe vrysinniges aan en niemand kan hulle dit ten kwade dui dat hulle die mens van ons tyd met sy wêreldbeeld probeer bereik nie. As ons nie myle ver van hom af wil staan nie, sal ons, veral ook in die besonder die onderwyser in die Godsdiensonderrig, moet probeer om in te kom in die leef- en denkwêreld van die mens van ons tyd, nie d.m.v. karakterlose aanpassing nie, maar wel vanuit 'n besef van waaragtige solidariteit. Sý probleme moet ons probleme, sý vrae óns vrae wees. Die moderne verant=woordelike onderwyser kan hom nooit vanuit veiligheids=oorwegings in 'n ghetto opsluit of uit vrees dat hy sy hande sal besmeer in hierdie bose wêreld hom isoleer van die konkrete situasie van sy leerling nie. Moe=dig sal hy hom in die gewoel van hierdie wêreld moet begewe - nie om 'n nuwe sintese op te bou met die den=ke van ons tyd nie, maar wel om op die egte vrae, die egte probleme van die mens van ons tyd in te gaan en 'n egte antwoord daarop te soek.[27)]

Die hoorder van die Bybelles is baie belangrik. Sonder hom is daar nie 'n les nie, want die les is op hom gerig. Hy is 'n mens. Wanneer skool, kerk en teologie, soos meermale in die verlede, hierdie mens en sy wêreld vergeet, word die boodskap onwêreldlik

26) Kuïtert, H.M. Niet-teologiese achtergronden van de zogenaamde vernieuwingstheologie (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 38).

27) Van Dijk, M.P. Naar een nieuwe vrijzinnigheid, p. 85.

en onmenslik.[28] Kennis van die mens, in sy situasie is noodsaaklik met die oog op die tuiskoms van die boodskap, nie op die inhoud daarvan nie.[29]

Die Bybel open perspektief op die konkrete lewe met sy „ups" en sy „downs". Lottmann meen dat ons dit bestaansverheldering kan noem. Die Skrif is trou aan die realiteit: ly bly ly, dood bly dood. Die Bybelse boodskap is bedoel vir die mens in sy konkrete situasie. Dit kan ook by die kind pas gestalte kry in sy lewe as hy merk dat die Bybel die menslike erva=rings ernstig neem, daaroor iets wil sê wat singewend is,[30] sy bestaan verhelder.

Dié blik moet natuurlik nie só op die konkrete situasie, op die lewe nóú en híér, gerig wees dat die hiernamaals nie meer in die prentjie kom nie. Die=selfde gedagte vind mens in die studies van dr. Robert J. Hastings wat van die seëninge wat Christenskap in=hou, vertel. Die skrywer verheug hom in die feit van 'n bestaan in die heerlikheid van die hiernamaals, maar wei meer uit oor die allesoortreffende kwaliteit van die lewe in die teenwoordige. Hy spoor Christene aan: „Take heaven now!"[31]

28) Van Zijl, F.J. Die reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. Hervormde Teologiese studies, 23(3): p. 113.

29) Ibid., p. 116.

30) Lottmann, I. Mensekennis en Godsbeeld in de Jozef=cyclus. VERBUM, XXXV(3): p. 100, Mrt. 1968.

31) Hastings, R.J., Take heaven now!

## 1.6 Konvensionaliteit

Ons kan ook niks ander as waardering hê vir die hedendaagse teoloë as hulle 'n geloof wat bloot op kon= vensie berus, wil omstoot nie. Solank geloof en ge= loofslewe nie op persoonlike verworwe oortuiging nie maar slegs op konvensie berus, sal die geloof gevaar loop in ons wêreld van kommunikasie met die buitewêreld aangesien sodanige kommunikasie altyd 'n bedreiging vir alle konvensies vorm, ook vir die godsdienstige konven= sionaliteit. Konvensionaliteit was nog nooit 'n waar= borg vir die feitelike besit van die waarheid nie. Konvensionele godsdienstigheid werk 'n selfvoldane en bedenklike isolement in die hand. Kortsigtigheid en onverdraagsaamheid is onvermydelike skadusye van alle ongesonde godsdienstige isolement.[32] Kan daar 'n meer tipiese voorbeeld hiervan wees as die van die Fariseër uit die Skrif?

Die onderwyser in die Godsdiensonderrig sal dus daarteen moet waak om maar voort te bou op 'n konven= sionaliteit sonder diepte. Hoe hy te werk sal moet gaan om sy bydrae tot die opbou van 'n diepgaande ge= loof te maak, word in die volgende hoofstuk bespreek.

## 1.7 Die heilshistoriese benadering

Dr. Lekkerkerker is van mening dat as die

32) Van de Pol, W.H. Het einde van het conventionele Christendom, pp. 7-116.

positiewe aspekte van die vernuwingsteologie geïnte= greer word in die heilshistoriese teologie kan dit 'n nuwe impuls beteken vir die teologie, die eksegese, die dogmatiek, die prediking (en die Godsdiensonderrig?). Die heilshistoriese teologie appelleer aan die lewens= gevoel van die mens van vandag wat bewus daarvan is dat hy op weg is na die jaar 2,000. Hierdie teologie het ook 'n magtige tradisie agter hom. Bevrydend is dat dit 'n goeie verband lê tussen eksegese en dogmatiek, want heilshistoriese taal dwing tot grondige eksegese, tot die deeglike lees en verstaan van die weg wat God met sy volk gaan. Dit het 'n intense belangstelling vir die Ou Testament en die geskiedenis van Israel, dit gee besieling vir die lewe van die gemeente hier en nou op aarde. Terwyl die radikales hulle tevrede stel met enkele mooi sinne oor medemenslikheid en vryheid maar eintlik nooit by die konkrete probleme van die etiek uitkom nie, aarsel die heilshistoriese teologie nie om allerlei politieke en maatskaplike probleme aan die orde te stel nie en dring dit vanuit sy belangstel= ling in die geskiedenis van vandag tot konkrete uit= sprake. Dit is nie daarop uit om op negatiewe wyse allerlei sg. tradisionele en konvensionele voorstel= lings af te breek nie, dit is positief gelaai met die verkondiging van 'n God wat altyd weer wegroep uit be= staande strukture, die God van Abraham. Daar is by heilshistorici 'n nuwe, beloftevolle besinning oor die Godsleer, die verhouding van tradisie en Skrif, die leer van die regverdigmaking en van die sakramente. Indien hierdie teologie gelowig en Skrifgetrou uitge= bou word, behoort dit aan die Godsdiensonderrigonder= wyser 'n koers te gee na die verwarring wat die nuwe

teologie oor die algemeen gewek het.[33] (Hiermee word nie bedoel dat Moltmann en sy medestanders net so gesluk moet word nie!)

### 1.8 Die werklikheid

Hiewel daar ook afkeurende kritiek t.o.v. die realistiese werklikheidsbegrip uitgespreek moet word (soos later aangedui), het dit ook vir ons tyd 'n uit=gesproke praktiese betekenis omdat dit die lewensgevoel van die huidige mens so getrou vertolk en tot uitdruk=king bring. Dit bring tewens ons gedisintegreerde wêreld onder die aandag. Om die huidige mens, sy wê=reld en sy lewensgevoel te ken, kom mens nêrens beter tereg as by die eksistensiefilosowe, die filosowe van die fenomenologie, neo-positivisme en neo-realisme nie. Die realistiese werklikheidsbegrip is die filosofiese neerslag van die na-oorlogse geestesgesteldheid en bring die lewensgevoel wat in die eie moontlikhede teleur=gestel is tot uitdrukking waar die mens homself ten slotte op homself en op die harde werklikheid terugge=werp weet."[34]

Van die realistiese werklikheidsbegrip en die hui=dige logiese positivisme gaan, volgens Attilla Szekeres, 'n heilsame suiwering uit. Die direkte verbinding van die teologie met metafisika het deur die krisis van die

33) Lekkerkerker, A.F.N. Waar staan wij nu? (In Berkou=wer, G.C. & Van der Woude, A.S. op. cit., pp. 193, 194)

34) Szekeres, A. De antimetafisiese tendenties in de filosofie en Teilhard de Chardin. Nederlands Theolo=gisch Tijdschrift, 22(1): p. 19, Okt. 1967.

metafisika ook die prediking, kerk en teologie in die krisis en in diskrediet gebring. Dit word daarom, sê Szekeres, as 'n bevryding ervaar wanneer die teologie ontdoen en ontlas word van 'n metafisiese begrippe=materiaal wat die funksionering van die Woord van God in die weg staan. Hy meen dat die teologie daar geen be=lang by het om onhoudbaargeworde voorstellings en denk=strukture te konserveer en te verdedig omdat dit een=maal tot die kerklikteologiese tradisie behoort het nie.[35] Hier sal die onderwyser net ernstig daarteen moet waak dat hy nie radikale beeldestormer word en Skriftuurlike begrippe in sy aftakeling betrek en so die baba saam met die badwater uitgooi nie!

Die eksistensialistiese werklikheidsbegrip inspi=reer ten slotte om die evangelie eksistensieel te ver=staan deur die eksistensialiteit van en in die Heilige Skrif self te ontdek.[36]

## 1.9 Medemenslikheid

Die moderne teologie het ons oë weer opnuut oop=gemaak vir die nood van hierdie wêreld. Inderdaad bestaan die gevaar dat die mens sy taak in hierdie wê=reld verplaas na die hiernamaals en dan kom van die Christelike naasteliefde hier en nou niks tereg nie. In hoofstuk 7, pt. 6 word hieroor breedvoeriger gehan=del.

35) Ibid., pp. 18-20.
36) Ibid., p. 20.

## 2 Negatiewe elemente in die eksistensieteologie waarteen die onderwyser in Godsdiensonderrig moet waak.

### 2.1 Bonhoeffer en die radikaliste.

Dit is opmerklik dat die radikale eksistensieteoloë hulle sonder uitsondering in hulle ponering van 'n religielose en versekulariseerde Christendom voortdurend op Bonhoeffer beroep. Dit laat die indruk dat mens in Bonhoeffer met 'n onverskillige te doen het. Die teendeel is egter waar. Al is daar baie by hom waarmee ons nie kan saamstem nie, kry mens tog by die lees van sy werke die indruk dat hy 'n diep-gelowige Christen is wat worstel om helderheid. Iemand het die opmerking laat val dat die radikaliste van baie van sy vraagtekens uitroeptekens gemaak het. Daar is by hom dikwels egte Christelike blydskap. Van Niftrik sê tereg: „Het is een verdrietige zaak, dat Bonhoeffer in deze nieuwe theologie zo eenzijdig word geciteerd,"[37]

Ook Benktson neem Robinson baie kwalik dat hy vir die „hervorming van sy Godsbeeld" hom op Bonhoeffer meen te mag beroep het.[38]

Hierdie opmerking is nodig sodat die leser vooraf sal weet dat Bonhoeffer nie deurgaans aan die gelewerde kritiek onderworpe is nie.

### 2.2 Valse probleemstelling

37) Van Niftrik, G.C. Theologische revolte. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. op.cit., p. 21).

38) Rothuizen, G. Th. Een nieuwe studie over Bonhoeffer. Gereformeerd Weekblad, 2 Febr. 1968, p. 217.

Die belangrikste impuls agter die eksistensiële verklaring van die Skrif is die kommer van die moderne teoloog dat die Bybelse boodskap deur die moderne teg=niese en natuurwetenskaplike mens verstaan moet word. John McIntyre, 'n professor in fisika, sê hy vind al die geklets oor die „modern mind" wat die 2,000 jaar oue evangelie nie kan begryp nie, onbegryplik. Hy sê wetenskaplikes het geleer om met probleme te lewe. „Scientists have learned to live with difficulties; we expect them. Thus the difficult things in Scripture were not the problem for me that they are for many people."[39] Verder sê hy: „A Scientist doesn't throw away a good theory because of a few difficulties." Hy is van mening dat daar geen ander „teorie" is wat die tragiese geskiedenis van die mens só verklaar as die Bybel nie.[40] Ons mag met sy begrip van die heilsweg verskil, maar een ding maak sy betoog aan ons duidelik, nl. dat nie per se aanvaar moet word dat die Bybel, soos hy is, vir die moderne natuurwetenskaplike onaanvaarbaar is, of hom nie meer aanspreek nie. Dit is dus nie die Bybel wat die moderne wetenskaplike nie aanspreek nie, maar 'n verkeerde vertolking daar=van, soos uit die voorgaande telkens geblyk het.

## 2.3 Religie

Volgens die radikale teoloë is religie fiksie en projeksie. Dit kan egter onmoontlik by hierdie negatiewe

39) McIntyre, J.A. The appeal of Christianity to a scientist. <u>Christianity Today</u>, 12(12) p. 6 Mrt.1968.

40) Ibid., p. 7.

oordeel bly staan. Enersyds omdat dit self 'n mite is dat religie niks met God te doen het nie, 'n op= vatting wat selfs vroeër deur Karl Barth gedeel is.[41] Andersyds omdat dit ook 'n mite is dat die religie as sodanig teologies definitief oorwin en uitgeskakel kan word.

Prof. dr. Attilla Szekeres wys daarop dat, krag= tens die kosmies-universele spanwydte van die verbonds= bedoeling en die in Christus-verwerklikte verbondshan= deling van God Hy Hom ook aan die heidene nie onbe= tuigd gelaat het nie (Rom. 1:18-22). Hier lê die God= delike oorsprong en die diepste oogmerk van alle reli= gie. Wat die mens in die religie buite die Ou en Nu= we-Testamentiese openbaring inhoudelik tot stand bring, is niks meer as 'n „Godsbeeld" na eie beeld en gelyke= nis, omdat die mens hier noodgedwonge op die „openba= ring van vlees en bloed" aangewese is. Omdat religie egter so te sê „ons vlees en bloed" geword het, is die godsdiens nooit heeltemal uit die menslike eksistensie te verdryf nie, maar sal altyd, selfs in die mees ver= bete ateïsme asook in die Skrifmatige teologie, mee= spreek en 'n gewisse rol speel. Ook die sg. moderne mondige mens van Robinson en Bonhoeffer is nie religie= loos nie, maar deur en deur religieus wanneer hy glo dat hy outonoom is en die lewe sonder God kan waag. Robinson het die menstipe tot teologiese norm verhef en 'n ganse dogmatiek na sy beeld en gelykenis gekon=

42) Szckeres, A. Bischof Robinsons „Honest to God" und die wirkliche Aufgabe der Theologie heute. Neder= lands Theologisch Tijdschrift, 20(2): pp. 203, 204, Febr. 1966.

strueer, en daarmee die religie in die teologie laat triomfeer![42]

2.4 Die „Godsbeeld"

Die nuwe teologie is uit onbehae gebore, maar laat daar dadelik bygesê word: in velerlei opsigte 'n geregverdigde onbehae. Op grond van hierdie onbe=hae is gekom tot onversigtige uitsprake en oordrywing; lg. miskien alte dikwels om aandag te trek op die sake waarom dit werklik gaan, meen Van der Woude.[43]

Opmerklik is die feit dat hedendaagse verklarings in toenemende mate die persoonlike dimensie beskut in dubbelsinnigheid. Die neo-ortodoksie het die Ek-Jy-ontmoeting tot beslissende sentraliteit verhef en dit in verband gebring met die bonatuurlike openbaring van 'n persoonlike God wat geheel anders is as die mens en die natuur. Eksistensialisme het hierdie verhou=ding verdun en herformuleer in terme van transendente persoonlike ontmoeting. Onlangse skrywers het weer, volgens Carl F.H. Henry, die verhouding verder verswak deur die realiteit van 'n persoonlike God te verwerp. Teilhard de Chardin, Whitehead en Robinson, wat alle transendente, persoonlike, indiwiduele openbaring ver=werp het, praat van goddelik-menslike verhoudings slegs in mitiese en eksperimentele terme en sien die ganse

42) Szekeres,A. Bischof Robinsons „Honest to God" und die wirkliche Aufgabe der Theologie heute. Nederlands Theologisch Tijdschrift, 20(2): pp. 203, 204, Febr. 1966.

43) Van der Woude, A.S. Het tweede gebod (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 184).

werklikheid as een veld waarin die Al en die persoon=like 'n enkele kosmiese beweging vorm.[44)]

Die teologiese konsekwensies van hierdie oorgawe van Bybelse terrein is ernstig: In verskeie opsigte is die nuwe gesigspunte 'n strategiese verlies van Christelike perspektief, bv. die verlies van God as die Andere en daarmee gepaard die verlies of prysgawe van 'n onafhanklike Skepper van die heelal wat daaraan vooraf gaan en soewerein daarbo staan; die verlies van God se besondere eens-en-altydse manifestasie in openbaring en inkarnasie. Die nuwe Christologie verwerp die leer van die twee onderskeie nature in Jesus van Nasaret asook van 'n absolute onderskeiding tussen goed en kwaad. Indien God, soos die sekularistiese teoloë poneer, net daar is waar aksie is, moet ons dan ook soek na 'n openbaring van God in Hitler net soos in Jesus? En bly daar dan enige rede voor om vrede bo sosiale rewolusie te verkies? Watter outentieke evangeliese interpretasie kan moontlike gegee word van van Robinson se beklemtoning dat, „God is in everything and everything in God - literally everything .... evil as wel as good" en dat „no aspect of history however resistant to personal categories, is not ultimately to be seen in terms of spirit, freedom and love"?[45)] Ondermyn dit nie 'n sin vir morele konsensie en skep dit nie vanselfsprekend 'n „new morality" nie? Moet die

44) Henry, C.F.H. Where is modern theology going? A sweeping appraisal of religious currents. <u>Christianity today</u>, 12(11): p. 4, Mrt. 1968.

45) Robinson, J.A.T., Explorations into God, pp. 92, 102.

moorde op miljoene anti-Kommuniste oor die wêreld dan onderskei word as God se Gees en liefde in Sowjet-be=stialiteite?

'n Verdere teologiese konsekwensie is die prysga=we van 'n finale oordeel en van die skeiding van die regverdiges van die goddeloses; dit kom neer op 'n ineenstorting van die aanval van die neo-ortodoksie op die modernisme en die herverskyning van die invloed van Schleiermacher. 'n Terugval tot pre-Barthiaanse modernisme is duidelik uit die kenmerke van die huidige strominge waarvan sommige hier genoem word:

* Die vae opvatting van die Goddelike Drie-een=heid, nie as die Skepper en Verlosser van die wêreld nie, maar as 'n vaaggedefinieerde kwaliteit wat die ge=hele werklikheid struktureer;[46)]

* Die ontwyking van 'n transendensie van God en die beperking van die inhoud van religieuse verkarings tot stellings oor God-in-relasie-tot-ons. Hier vind 'n mens 'n herlewing van uitsprake van Kant en Schlei=ermacher. God word 'n veronderstelling wat deur die mens se morele natuur geverg word, maar die realiteit van God word gehandhaaf sonder die bestaan van God. Hierdie siening vind ons al in Kant se „Opus Posthumum" as hy sê dat „God" nie buite die mens bestaan in die sin van 'n substansie wat van die mens verskil nie, maar dat die „Al", die universum van dinge, God én die wêreld bevat.[47)]

46) Ibid., p. 5.
47) Loc.cit.

* Die verskuiwing van die klem weg van die Goddelike inisiatief na menslike navorsing in die teologiese arena. Hierdie neiging het die Christendom só ingestel op een segment van die hedendaagse denke deur die realiteit van openbaring te verplaas en die teologie in ooreenstemming te bring met spekulasie wat openbaringsgodsdiens oorbodig maak. Dit verwerp die godsdiens van die Bybel as 'n vorm van geestelike slawerny aan die kultuur van die verlede, terwyl dit self verslaaf is aan moderne vooroordele.[48)]

Samevattend: Die nuwe teorieë gee prys wat Bybelse teïsme bewaar: 'n outentieke opvatting van 'n bonatuurlike, persoonlike God en van sy relasies tot die mens en die wêreld - die lewende, soewereine Skepper en Onderhouer van mense en dinge en Regter van die kosmos, wat Hom in die vleesgeworde Woord aan ons geopenbaar het om so aan 'n gevalle mensdom die verlossing aan te bied.

Die verteenwoordigers van die sg. „vernuwingsteologie" het in die afgelope tyd baie gepolemiseer teen 'n tradisionele Godsvoorstelling, 'n tradisionele gestalte van die geloof, 'n tradisionele instituut van die kerk. 'n Mens sou kon verwag dat hulle met 'n beter Godsvoorstelling, 'n beter gestalte van die geloof, 'n beter kerk te voorskyn sou kom, maar van so iets het niks tereg gekom nie.. Dr. Lekkerkerker sê tereg dat slegs die heilshistoriese van die nuwere teologieë beloftes vir die toekoms inhou.[49)]

48) Loc. cit.

49) Lekkerkerker, A.F.N. Waar staan wij nu? (In Berkouwer, G.C. en Van der Woude A.S., op. cit., p. 185.)

Die eksistensieteoloë is sterk gekant teen 'n na=tuurlike teologie - dit is egter nie iets nuuts nie: Barth het dit in sy „Römerbrief" al gestel dat die God van die natuurlike teologie dood is. Volgens Lekker=kerker is dié getuienis van Barth skynbaar sleg gehoor sodat dit weer moes terugkeer in die bizarre vorm van 'n God-is-dood-beweging. Hy wys daarop dat Jesaja se prediking al 'n doodverklaring van die God van die „theologica naturalis" was. (44:9).[50)]

Dit is verder noodsaaklik om daarop te wys dat dit nie so is dat die woord „God" saamval met 'n mitiese wêreldbeeld, soos die eksistensieteoloë beweer nie. Dit blyk uit talle Bybelverhale. Hierdie Naam is juis op verskillende punte in stryd met die destydse wêreld=beeld. Die mitiese hoër kragte word telkens as mislei=dinge aan die kaak gestel: die son is geen godheid nie (Ps. 19) - inteendeel, die son en die maan word juis „die groot lig" en „die klein lig" in Genesis (1:16) genoem. Verder toon die gebeure by Sinaï juis dat die vulkaanreligie afgewys moet word en dat God netsowel in die geluid van 'n sagte wind kom.[51)]

Daar kan wel 'n saak uitgemaak word vir die moder=ne standpunt dat God nie buite die lydende mensheid te vinde is nie,maar die betekenis van die Godsnaam gaan nie op in medemenslikheid nie. Dit blyk as mens let op die uitreddende en verlossende element in elke lyding, waarin 'n bo-menslike dimensie, 'n aanwesigheid van God bespeur word. Die profete spreek daarvan: Die

50) Ibid., p. 190.

51) Van Peursen, C.A., Hij is het weer! pp. 32, 33.

lydende Kneg van Jesaja (wat in die eerste instansie op Israel dui, maar ook op God self wat in Christus sy solidariteit met die lydende mens toon) sal skuld dra en sterf, maar daarna die lig sien. In God, deur Jesus Christus, word nie slegs lyding en skuld nie, maar die dood selfs deurbreek.[52)]

Dit is waar dat die God „daarbo" en „daarbuite" 'n ontoelaatbare beeld van God kan wees, maar die voor= stelling asof God „die draende Grond van ons bestaan" is, is volgens Van der Woude net so 'n beeld. Die „syn" van God laat Hom nie van predikatiewe voorsien nie. Vanweë hierdie nie-predikatiewe aard van sy „Godwees" is Jahwe ook nie toeganklik vir kwalifikasie in beeld nie. Jahwe is nie binne die kader van „na= tuur". „kultuur" of „tradisie" te karakteriseer nie. Om God voor te stel is om Hom binne bepaalde grense op te sluit. Hierdie „verborgenheid" van God laat sommi= ge sy „afwesigheid" ervaar. En dan kwalifiseer hulle dit verkeerdelik met „God is dood", terwyl God Hom oor die hele linie van die geskiedenis van sy volk geopen= baar het as „die lewende God".[53)]

Verering van Jahwe onder die gedaante van 'n beeld selfs soos „Grond", „Diepte", ens. hou 'n miskenning in van sy „anderswees"; dit is 'n aantasting van sy heilig= heid. Dit is 'n aanslag op sy vryheid om Hom onder mense te manifesteer op die deur Homself gekose tyd en wyse. Dit verlaag God tot 'n kosmiese mag en ontneem

52) Ibid., pp. 50, 51.

53) Van der Woude, A.S. Het tweede gebod (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. op. cit., pp. 181, 182.

Hom sy „Persoonlikheid"[54)]

Robinson e.a. beklemtoon 'n God in die diepte ten koste van 'n God van bo. Volgens Szekeres is die God van Robinson staties en onbeweeglik en doen Hy by na=der beskouing dan ook niks, lyk Hy maar behoeftig.[55)]

Die eerste indruk wat 'n mens by Robinson in sy „Honest to God" kry, is dat hy 'n beeldestormer is; hy is egter eerder 'n beelde-ontwerper. Op sy vraag: „Our image of God must go?" is die antwoord: Ja, alle beelde wat ons mense vir ons eiemagtig van God maak, moet verdwyn. Dit geld ook vir die beeld wat Robin=son vir ons van Hom gemaak het. Ons moet ons uitsluit=lik hou aan die beeld wat God self ons in Jesus Chris=tus van die Skrifte gegee het.[56)]

Volgens Gollwitzer plaas die Bybel ons skynbaar self in 'n dilemma „indem sie einerseits jedes Bild von Göttern verbietet, anderseits einen persönlichen Gott verkündet" - sô is dit egter nie, die beeldverbod geld nie ten spyte van, maar kragtens die deur God Self gegewe beeld van Hom in die Bybel. As Moses God na sy Naam vra, wys Hy op sy verbondsdade (Ex. 3:14: „Ek is wat Ek is...) Daarom moet Israel hom aan die beeld en gelykenis hou wat God as Bondsgod van Israel in sy verlossingsdaad, die uitleiding uit Egipte, sal gee en daarom nalaat om op eiemagtige wyse 'n idee van God af te beeld. Die God van die Ou Testament is

54) Ibid., p. 183.

55) Szekeres, A. Bischof Robinsons „Honest to God" ... Nederlandsch Teologisch Tijdschrift, 20(2): p. 200, Febr. 1966.

56) Ibid., p. 217.

dus nie „unvorstellbar" en die Moses van Arnold Schön= berg is nie die een van die Heilige Skrif nie. In sy „Moses und Aäron", 'n opera in drie bedrywe, betig Moses Aäron oor die beeld van die goue kalf, en dan wys Aäron hom op sý „beeld", nl. die kliptafels. Daarop gooi Moses die tafels dan stukkend en sê dat God „un= vorstellbar" is.[57)]

Ook vir die Nuwe Testament geld die afbeeldings= verbod, en deur die verwerkliking van die verbondsge= beure word dit definitief bekragtig: God het in Chris= tus sy ewebeeld gegee.[58)]

Ten slotte word net daarop gewys dat swyg ook 'n vorm van spreek is. Om sondermeer oor God te swyg - God doodswyg - kan daarom 'n nog dodeliker kortsluiting veroorsaak as 'n verkeerde spreke oor God. Swyg oor God, Hom onbesproke laat, sy aanwesigheid toelaat slegs as „transendente derde" in ons menslike relasies en ons werk aan 'n beter wêreld, is 'n vorm van spreke wat die belangrikste in die lewe, die Bron naamlik wat ons hoopval laat lewe, nie ter sprake bring nie. Hiervan sê Schillebeeckx dat dit tog 'n dodelike leemte sou wees as werklik in geen opsig die prosa in poësie oor= gaan nie - die geloof in die lewende God is die poësie in 'n prosa-iese lewe. Daarom kan die kerk nooit saam= val met die prosaïese, tegniese, gesekulariseerde wêreld nie: daarin en ten voordele dáárvan sing sy haar lied! 59)

57) Ibid., pp. 215, 216.

58) Kol. 1:15.

59) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een gesecularizeerd wereld. Tijdschrift voor theologie, 7(4): p. 355, Okt., Nov., Des. 1967.

## 2.5 Christologie

Robinson e.a. sê dat ons Christus uitsluitlik in die konkrete lewensverhoudinge, dit wil sê slegs in die medemens kan aantref. Só kry dié benadering 'n antropologiese toespitsing wat dreig om die ganse Christologie in 'n antropologie te verander. Die term „Pro-existent" dui wel op voortreflike wyse die rigting van die werk van Christus self aan - Hy is „God vir die mense" - maar word die pro-eksistensie van Christus eg= ter van sy pre-eksistensie losgemaak (die laaste bete= ken altyd die universele uitdrukkingsvorm van die Chris= tusgebeure), dan dreig die Christologie resloos deur die antropologie opgesuig te word en die plek van die evangelie deur die moraal ingeneem te word, wat in „Ho= nest to God'" daadwerklik die geval is. Die Christus van Robinson doen daadwerklik niks vir ons nie. Die mens word per slot van sake aan homself oorgelaat, net soos in die moraalfilosofie: Die boek van Robinson is 'n groot „Jy moet". In die Bybel egter is die deur Christus volbragte werk van God dié groot veronderstel= ling van die heilsboodskap en die geloof. Die Bybelse Christus het hom daadwerklik gegee, sowel in sake van ons persoonlike as van die menslike ~~as van die menslike~~ in die algemeen, ja van die hele kosmiese geskiedenis. Jesus Christus het die saak van die mens en van die heelal tot sy eie gemaak, die Christelike eksistensie, sowel as die gesamentlike geskiedenis van die mensheid - die hele kosmiese geskiedenis word wesenlik op die Christusgebeure betrek en daarmee verbind sodat dit in die teken van die universele oorwinning van Christus verskyn. By Robinson, byvoorbeeld, is daar niks van

hierdie hoopvolle en vertrouensvolle perspektiewe op te spoor nie. Dit hang alles saam met die feit dat die Bybelse Christologie in Ariaanse sin verkort word. Die Bybel sê nie net dat Christus ons gelyk geword het nie - dit natuurlik ook - maar in die eerste instansie dat Hy gans anders is as ons mensekinders en juis daar= om kan Hy ons help.

Prof. Szekeres dui aan dat die Bybel origens voor= treflik daarvoor sorg dat die Christusgebeure in sy werklike, wêreldomvattende perspektief en dimensies aan= gebied word en sê daarom nadruklik dat dit steeds deur kosmiese tekens begelei is: Die ster van Betlehem, die wonders van Jesus wat op sy woord geskied, sy leë graf, sy hemelvaart, die kosmiese uitdrukkingsvorme in Joh. 1, Kol. 1:15 vv., Ef. 1:10, ens. Die ganse kosmies-apoka= liptiese toneel van die openbaring van Johannes, soos die nuwe hemel en die nuwe aarde, is geen mites nie, het ook niks met 'n verbygaande wêreld te doen nie, maar is onontbeerlike uitdrukkingsvorme van die kos= mies-universele betekenis van die Christusgebeure. Dit wil die Christusgeheim nie verklaar nie, maar dit ver= seker en beskerm teen die subjektief-antropologiese verkorting, vervlakking en vervlugting van die Christo= logie. Dat ook Robinson se pneumatologie resloos in antropologie opgaan, is net 'n gevolg van sy valse Christologie.[60] Robinson en sy medestanders gee die „vertikale" heeltemal prys ter wille van die „horison= tale."

60) Szekeres, A. Bischof Robinsons „Honest to God" ... Nederlands Theologisch Tijdschrift, 20(2): p. 202, Febr. 1960.

Die eksistensie-teoloë verstaan Jesus mis om twee belangrike redes: Die eerste is die prysgawe van die verbondsgedagte en die tweede is die prysgawe van die opstanding. Die groot Verbondsgenoot hou sy beloftes. Daarvan vertel die hele Ou Testament. Jesus het tot sy sterwe toe aan die trou van God vasgehou. Daarom kon Hy Homself prysgee. Maar juis ook omdat God ge= trou is, moes Christus opstaan. Die Ou Testamentiese verbondsgedagte is die een hermeneutiese sleutel tot die verstaan van Jesus, en die tweede daaraan gelyk, en daarmee onlosmaaklik verbonde, is die opstanding. In die opstanding lê die hermeneutiese sentrum van die Nuwe Testament. Tog wil die modernis Jesus ter sprake bring sonder om van die sentrum uit te gaan. Dan bly Hy egter in die lug hang, waar Hy dan nog net as voorbeeld diens doen en onherroeplik slagoffer word van die slytasieproses van die moderne historiese denke.[61)]

Jesus was met geheel sy Umwelt op die toekoms ge= rig. Hy het Homself aangekondig as die Een in Wie die toekoms begin het, as die eersteling en waarborg van die Koninkryk van God. Die eksistensialisme het hierdie toekomsgerigtheid probeer ontmitologiseer tot die hier-en-nou van die beslissing. Berkhof merk in die afgelope tyd 'n tendens op wat die eksistensialis= tiese werklikheidsmodel deur 'n futuristiese wil oplos. So sien Moltmann e.a. weer kans om die eskatologiese dimensie van die Evangelie vir moderne ore ter sprake

61) Berkhof, H. Christologie en Christusprediking in verband met de huidige beleving van de werklijkheid. <u>Nederlands Theologisch Tijdshrift</u>, 21(5): p. 383, Julie 1967.

te bring. Daaroor kan mens jou net verheug mits die toekomskomponent in eenheid met die verbondsgedagte en die opstanding van Christus gesien word: Die toe=koms is die ryk van God se vergewende liefde, waarvan ons in die opstanding van Jesus sekerheid ontvang het.[62)]

'n Wydsverspreide besef heers in ons tyd dat mens jou in die verwarringe van die lewe op Jesus as oriën=teringspunt moet rig. Die bergpredikasie en die ge=lykenis van die barmhartige Samaritaan kom in ons tyd die maklikste ter sprake. Of dit net so maklik is om dit in praktyk te bring, is 'n ander kwessie! Ook bied dit vir die onderwyser van ons tyd 'n maklike aan=knopingspunt. Maar, as die navolging van Jesus van die verbond en die opstanding van Jesus losgemaak word, soos die eksistensialiste doen, verloor dit sy karakter van antwoord te wees op God se verbondshandeling en word dit 'n wettiese ideaal waarvan ons een of ander tyd dan ontdek dat ons dit ook wel sonder oriëntasie op Jesus kan nastreef. Jesus kan nie van Israel en die Ou Testament losgemaak word nie. Vanaf die metafisie=se Godseun van die ou kerk tot die mens-vir-ander van ons tyd, is gepoog om dit te doen met die gevolg dat voortdurend met 'n valse Christusbeeld na vore gekom is. Die Christus van die modernisme is 'n ontwortel=de Christus wat getransformeer word tot waarborg en in=spirasie van die idees van die modernistiese mens. Die modernis besef iets van die kloof wat ons van God skei en probeer dan om dit met die kuns van die herme=

62) Ibid., 384.

neutiek te oorbrug. Waar die moderne mense van her=meneutiek en metodiek spreek, spreek die Nuwe Testa=ment oor die noodsaak en gawe van die Heilige Gees. Ons hermeneutiek en metodiek kan die Heilige Gees nooit vervang nie - dit kan slegs 'n beskeie rol speel in sy diens. Die moderne werklikheidsmodelle moet maar net sterwe, want sonder die Heilige Gees (soos die moder=nisme dit wil) kan ons Christus nie ter sprake bring nie. „Vlees en bloed" kan ons nie lei tot die bely=denis van Jesus nie. Sonder die Heilige Gees word 'n dooie, ortodokse Christus of 'n moderne Jesus as projeksie van die lewensgevoel geproduseer.[63)]

## 2.6 Die radikale teologie van ons tyd lei tot ateïsme

In die tweede hoofstuk is die verband tussen die gnostiek en die God-is-dood-teologie aangedui. Dit is baie duidelik dat die God van die gnostiek nie die God van die Bybel is nie. Hy is nie die Skepper wat handel nie, wat die mens as 'n reële „ek" teenoor Hom=self plaas nie, aan die mens sy gebooie gee, hom ver=antwoordelik hou, met hom in dialoof tree of 'n ver=bond met hom oprig nie. Hier (soos ons dit ook by Tillich vind) is God Diepte, Grond, Krag, die sin van die syn. Langs die weg van die gnostiek bly die mens alleen met sy denkproduk. Van die transendensie van God bly net dit oor dat die Syn in die algemeen meer is as die klein stukkie wat die individuele mens uit=maak. Op die duur word die grens tussen die individu=

63) Ibid., p. 385.

ele self en die Goddelike Self uitgewis.[64] So is Robinson self bereid om met die ateïste ateïs te wees. En hy wat God loën is geen ateïs nie, maar hy wat die goddelike eienskappe (liefde, wysheid, regverdigheid) loën, is ateïs, volgens Feuerbach en soos onderskryf deur Robinson.[65]

Al sê Robinson saam met die God-is-dood-teoloë dat só 'n uitspraak nie gerig is teen God nie, maar teen 'n bepaalde Godsvoorstelling waarvolgens God 'n wese naas ander wesens sou wees, ens., moet ons tog sê dat die weg van die gnostiek werklik tot 'n ateïsme kan voer. 'n Neo-gnostiese stroming soos die teosfie, gryp terug op die Boeddhisme, 'n religie sonder God. Wat die gnostiek beskrywe as emanasie van die godde=like oerwese en terugkeer tot die oorspronklike eenheid, is in werkliheid die selfbewuswording van die menslike gees, 'n innerlike proses, geprojekteer op 'n ontolo=giese vlak.[66] Hierdie subjektivisme is vanselfspre=kend die loëning van 'n „objektiewe" Goddelike Wese.

Die kennis van die God wat <u>anders</u> is, het bowen=dien nie by die konvensionele Christendom verlore ge=gaan nie. Selfs Barth het gespot met die God van die religieuse ervaring. Die God-is-dood-teoloë verklaar die konvensionele God dood, selfs die God van Wie altyd gesê is dat Hy by Homself bestaan en ons nie no=dig het nie. En dan word aan die end van die betoog

64) Zandee, J. Oude en nieuwe vormen van gnostiek. <u>Nederlandsch Theologisch Tijdschrift</u>, 22(3): pp. 182, 183, Febr. 1968.

65) Robinson, J.A.T. Honest to God, p. 127.

66) Ibid., p. 184.

gepleit vir 'n lewende God, van Wie selfs gesê word dat dit tyd is dat ons weer vir Hom iets moet doen! Wie hierdie nuwe God is, moet die leser dan maar self agterkom! Te weinig is hierdie nuwe teologie gevul met die verkondiging van die God van Abraham, Isak en Jakob wat anders is as die magte! In hulle stryd teen die God „daarbo" en „daarbuite" sê sommige nuwere teo=loë niks anders as die mees uitgesproke ateïste nie. Waar alle werklikheid wat anders is as die empiries=verifieerbare ontken word, kan die teologie nie meer herken word as 'n teologie wat spreek oor God as die Een wat „anders" as die mens en die wêreld is nie.[67)]

Eintlik het die aanval op die lewende God es=sensieel niks nuuts en moderns nie. Daar was maar altyd aanvalle op die Bybel en op die godsdiens in die algemeen. Die frase „God is dood" is ook deur Nietz=sche gebruik. Ludwig Feuerbach, ± 1840, het reeds sommige van die argumente verskaf, selfs sommige van die woorde en uitdrukkinge wat hierdie mense gebruik. Wat nuut is, is dat dit nie uitgesproke anti-godsdiens=tige mense is wat dit sê nie, maar teoloë.

Dr. G.H. Clark en andere is van mening dat die „God-is-dood"-beweging 'n goeie atmosfeer en vrugbare grond skep vir die verspreiding van ateïstiese kommu=nisme. Henry meen selfs dat dit 'n hele getygolf van georganiseerde ateïsme as grondslag het. Dr. Russel V. DeLong, opvoeder-evangelis in die V.S.A.; sê dat die „God-is-dood"-beweging baie gevaarlik is. Hy meen dat as dit wydverspreid moet posvat, dit die lewensenu van

67) Lekkerkerker, A.F.N. Waar staan wij? (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 189.)

alle etiese lewe sal afsny. As daar geen God is nie, dan is daar geen hoër waardes nie, geen Christus nie, geen Seun van God nie, geen kruisiging nie, geen ver=soening en verlossing nie, geen onsterflikheid nie. Dan is mense niks anders as bondels protoplasma wat op die lewensee dryf nie. Dan lewe ons 'n lewe met geen betekenis nie. Dan is ons liggame sonder siele wat bestaan in 'n heelal sonder God. DeLong en Clark sê dat mens net so min 'n Christelike ateïs kan wees as 'n eerlike dief, 'n betroubare leunaar, 'n Mohamme=daanse Boeddhis of 'n Judaïstiese Hindu.[68)]

2.7 Die Bybel

Volgens die geslote wêreldbeeld waarvan Bultmann uitgaan, het God in hierdie wêreld geen plek nie. Die gewone lewe van en in hierdie wêreld is die neutrale lewe waaroor die openbaring niks te sê het nie en waar vir die Goddelike regering geen plek is nie.[69)] Die gesag van die Skrif in die verskillende lewensterreine word dus ontken.

Dit is 'n groot misverstand onder eksistensieteo=loë dat gebeurtenisse in die verlede ons nie sou aan=spreek nie. Bultmann stel in die plek van die Chris=tus in die verlede feitelik en in wese die prediking in die hede. Dít gaan ons aan, dít spreek ons aan in ons sondaarwees, dít stel ons in die hede van verma=

68) Clarke, G.H. DeLong, R.V., Ramm, B., Henry, C.F.H. Assault on the living God. Christianity today, 12(12): pp. 9-14, 15 Mrt. 1968.

69) Van Dijk, M.P., Naar een nieuwe vrijzinnigheid, p.27.

ning en roeping, volgens hom. Maar, sê hy, feite in die verlede gaan buite ons om. Dit spreek ons nie eksistensieel aan nie. Konsekwent beteken dit die afwysing van die heilsfeite as heilsfeite. Volgens Bultmann kan iets in die verlede onmoontlik 'n heils=feit wees wat ons in ons eksistensie raak.[70)]

Kuitert het daarop gewys dat hier 'n groot misver=stand heers. Die Nuwe Testament spreek van kruis en opstanding as feite wat ons wel deeglik raak: met Christus gesterf, met Christus opgestaan. Dit het alles objektief gebeur en tog is dit met ons bestaan as as Christene verweef. Die vraag is: Hoe? Hoe kan 'n daad in die verlede, 'n gebeurtenis wat soveel eeue ge=lede geskied het, iets wees of iets word wat ons nóú as mense van hierdie tyd raak? Dit kan deur die Hei=lige Gees, wat „toepas" wat ons in Christus het, wat dit bewerk dat ons deur die geloof „deel het" aan wat Christus verrig het deur vir ons te sterwe en op te staan uit die dode.[71)]

Een van die grootste mankemente van die nuwe vry=sinnigheid betref die leer van die Heilige Gees. Dit mis mens oor die hele linie. Deur die Heilige Gees word die heilsfeite, die lewende Christus in sy verle=de vir ons teenwoordig.[72)]

Ontmitologisering sal altyd 'n hoogs onbevredi=

70) Ibid., p. 28.

71) Loc. cit. Vgl. ook Kuitert, H.M. De realiteit van het geloof, pp. 163 - 206.

72) Van Dijk, M.P. Naar een nieuwe vrijzinnigheid, p. 29.

gende „oplossing" wees om die Bybel vir die mens van die tyd aanvaarbaar te maak. Die modernes wil die „verpakking" van die Skrifboodskap aanpas aan die moderne wetenskaplike begrippe - m.a.w. 'n nuwe „verpakking" wat tog ook maar oor 'n aantal jare verouderd sal wees. Die modern-teologiese standpunt wat net rekening wil hou met „die in sigself rustende eindigheid", die één sigbare, omgewende werklikheid, wat 'n afgeslote geheel vorm, is nie houdbaar nie. Die onmiddellike werklikheid kan nooit absoluut gestel word nie, aangesien die wetenskap steeds ontwikkel en die wetenskapsbegrip selfs inmiddels aan die verander is. Para-psigologiese bevindinge, veral van die afgelope aantal jare alleen, toon al dat met die sigbare, fisiese werkliheid nie volstaan kan word as die enigste bestaande nie. Bultmann spreek van die mitologiese denkvorm van die Bybel en wil dit aanpas by die huidige wetenskaplike denkvorm wat tog ook maar weer oor 2,000 jaar as verouderd bestempel gaan word. Helmuth Thielicke wil nie heeltemal die sg. „mitologiese denkvorm" oorboord gooi nie, maar wil dit eer as die krip waarin die Here wou rus - hy hou egter vas aan die gedagte van 'n mitologiese denkvorm by die Bybel.[73)]

Die eis tot aftakeling van die Bybel is niks anders as 'n uitvloeisel van die verabsolutering van die sigbare nie. Hierteenoor moet ons stelling inneem „omdat ons nie let op die sibare dinge, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."[74)]

73) Bergmann, G. op. cit., pp. 39- 56.

74) 2 Kor. 4:18.

Die onwetenskaplike oormoedigheid van die meeste van hierdie moderne Bybelkritikasters is treffend. Käsemann skrywe bv. dat die vormhistoriese ondersoek „bewys" het dat die boodskap van die sinoptici aangaan= de Jesus grotendeels nie outentiek is nie, dog slegs 'n beeld gee van die oer-Christelike gemeentegeloof in diverse stadia. Onbekommerd word byvoorbeeld hier van die woord „bewys" gebruik gemaak. Die feit dat ander teoloë wat net so goed op hoogte van die grondtale en Bybelse agtergrond is, nie sulke „bewyse" vind nie, toon maar weer dat die bril waardeur mens kyk bepalend is.[75)]

Die gevolge van die miskenning van die Bybel as Woord van God het fatale gevolge: Die feit dat die selfopenbarende God losgemaak word van die woorde van profete en apostels as Woord van God, lei tot die ver= lies van die selfopenbarende God Self. Die vroeëre Barth se dapper poging om 'n teologie van die Woord van God te ontwikkel, het gestruikel op dié punt, nl. toe hy geweier het om die Skrif met die Woord van God te identifiseer. Die dialektiese dogma dat Goddelike openbaring nooit objektief gegee word nie (in menslike begrippe en in historiese gebeurtenisse) lei tot die omkering van Goddelike openbaring tot menslike selfbe= grip. Bultmann het nie net die dialektiese Goddelike openbaring verander in eksistensiële „half-understan= ding" nie, maar het die vleesgeworde Woord ook kwytge= raak. Die volgende skuif moes onvermydelik die Woord= lose God („the silent God" , „the hidden God") of die

75) Bergmann, G. op. cit., p. 58.

Godlose Woord (sekulêre Christendom) wees.[76)]

Die hedendaagse Skrifuitleg vra na die bedoeling van die teks. As die bedoeling dan vasgestel is, word dit gebruik as uitgangspunt vir verdere uitleg. Hier het ons dus met tipiese sirkeluitleg te doen. Vir die moderne teoloë is die verkondiging van groot belang - daar word selfs na die hedendaagse teologie as „kerugma-teologie" verwys. Dat die verkondiging een van die fondamente van die Bybel is, het die moder= ne teologie reg gesien. Tog is daar 'n groot onder= skeid tussen Bybelse verkondiging en dié van die moder= nes: By die Pinkstergebeure en daarna het die apostels „die groot dade van God" verkondig, volgens Hand. 2:11. Dade is feite. Hulle kerugma het dus bestaan uit die verhaal van feitelike gegewens. 'n Ander fondament as dit mag niemand lê nie, sê Paulus in 1 Kor. 3:11. Die verkondiging in die Nuwe Testament het fundamenteel die karakter van 'n boodskap omtrent bepaalde gebeur= tenisse, 'n berig van die dade van die selfopenbarende God. Daarteenoor behels die kerugma van die modernes nie feite nie, maar bedoelings.[77)]

Daar moet nie na 'n ander bedoeling gesoek word in 'n teks as wat implisiet in die teks gegee is nie. Die Bybelverhale is reeds gedui. Die geskiedenisse daarin vervat pretendeer ongetwyfeld om 'n begrip te gee wat 'n feitelike gebeure omvat, maar gebeure met 'n beslissende betekenis. So is byvoorbeeld die evan= gelieverhale geen loutere beskrywing nie, maar 'n be=

76) Henry, C.F.H. Where is modern theology going? Christianity today, 12(11): p. 6, 1 Maart 1968.

77) Bergmann, G. op. cit., pp. 40-42.

oordeling en 'n betroubare duiding. Dit geld ook t.o.v. die wonderverhale.[78)]

Die „existentiale Interpretation" van Bultmann is dikwels 'n totale herinterpretasie langs die weten=skaplike weg. Die Bybel word dan verklaar, nie vanuit die implisiete duiding van die teks self nie, maar van=uit 'n oord buite die Bybel.[79)]

Hoewel mens nie met Bonhoeffer kan saamstem dat die Bybel in „mitologiese vorm" tot ons kom nie, steek daar veel behartenswaardigs in die volgende stukkie kri=tiek wat hy teen Bultmann gelewer het: „Ich bin der Auffassung das die vollen Inhalte einschliesslich der „mythologischen" Begriffe bestehen bleiben müssen - das Neue Testament ist nicht eine mythologische Einklei=dung einer allgemeinen Wahrheit! Sondern diese Mytho=logie (Auferstehung, etc.) ist die Sache selbst! - aber dass diese Begriffe nun in einer Weise interpretiert werden müssen, die nicht die Religion als Bedingung des Glaubens voraussetzt."[80)]

In hierdie opsig het Bonhoeffer gelyk. Die her=interpretasie by die ontmitologisering word by Bultmann voltrek langs die weg van die kontak met die wysbegeerte en spesiaal met dié van Heidegger. Daarmee versmal Bultmann die Bybelse getuienis. Bonhoeffer het gelyk as hy sê dat die vorme geen inkleding van algemene

78) Van Peursen, C.A. Hij is het weer! pp. 54-56.

79) Hoenderdaal, G.J. Een tussentijdse balans van de huidige theologische situatie. Nederlands Theologisch Tijdschrift, 22(2): p. 207, Febr. 1968.

80) Bonhoeffer, D. Widerstand und Ergebung, p. 220.

waarhede is nie, maar behoort tot die Nuwe-Testamentiese getuienis self. Deur die vorme te reduseer tot 'n algemene begrippestelsel, word wesentlik tekort gedoen aan dit wat die verhaal eintlik wil sê. Juis die verhaal as verhaal funksioneer as bemiddeling van die Kerugma. Vir die onderwyser in die Godsdiensonderrig is dit van beslissende belang om hierdie gedagte vas te hou.[81)]

Bonhoeffer se medisyne vir Bultmannianisme skyn ook nie heeltemal effektief te wees nie: Hy poneer dat mens die begrippe van die Nuwe Testament moet interpreteer deur die geloof sonder om daaraan religie vooraf te laat gaan as 'n soort besnydenis. Dan kom die „eksistentiale Interpretation" vanaf die geloof en nie vanaf die wysbegeerte nie. Dié uitspraak van Bonhoeffer is nie heeltemal duidelik nie. Geloof as interpretasiefaktor soos Bonhoeffer dit wil hê, is <u>menslike</u> geloof, d.w.s. geloof verbonde met denke, gevoel, wil en handeling van mense.[82)]

Vir die beklemtoning van die <u>sin</u> van die meegedeelde het ons baie waardering. Die onderwyser in Godsdiensonderrig sal ook voortdurend moet soek na die boodskap, die kerugma, in die verhaal; maar met die sineksegese moet mens versigtig wees om nie in die rigting van Paul van Buren te beland nie. Van Dyk waarsku teen sódanige „glijpartij" wat eerder afgeloop is as wat mens dink.[83)] Deur van die kerugma

81) Hoenderdaal, G.J., op. cit., p. 207.

82) Ibid., p. 209.

83) Van Dijk, M.P. Naar een nieuwe vrijzinnigheid, p. 86.

uit te eksegetiseer kan selfs die opstanding weggeëk=segetiseer word soos wat die eksistensieteoloë inder=daad doen en dan word die hele Christelike geloof sin=loos, want, „as Christus nie opgewek is nie, dan is jul=le geloof nutteloos ..."[84)]

I.v.m. die historisiteit van Jesus het selfs die volgelinge van Bultmann hulle ontevredenheid uitge=spreek m.b.t. sy uitsprake in die verband. Die vraag het ontstaan: Indien dit regtig so is soos Bultman dit wil hê, dat die enigste wat ons van die historisiteit van die geloof moet weet net die „dat-heid" van Jesus en sy bestaan is, waarom dan selfs dit? Waarom was die vleeswording dan nodig? En as dit nie regtig nodig was nie, of as dit onmoontlik is om aan te toon waarom dit nodig was, wat verhinder dan die Christelike geloof om te degenereer tot 'n stelsel van abstrakte idees, docetisme of gnostiese mites? Bultmann minimiseer be=slis die feit dat die evangelies tog klaarblyklik as 'n blye boodskap in historiese en nie in mitiese vorm nie, tot ons kom. Die struktuur van die evangelies is histories. Elke versie van die evangelies roep dit uit dat die oorsprong van die Christelike geloof nie in die skielike verligting van die vroeë Christene lê of in 'n opkomende religieuse ervaring nie, maar in die feite i.v.m. Jesus: sy lewe, dood en veral sy opstan=ding. Selfs die kerugma proklameer hierdie historiese gebeurtenisse, want dit was Jesus van Nasaret wat vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte, wat begra=we is en wat op die derde dag weer opgestaan het. Die aard van die Christendom en sy geskrewe bronne dryf die

84) 1 Kor. 15:17.

student daarvan telkens na die Persoon van die historiese Jesus. Om 'n kerugma te poneer wat losgemaak is van die geskiedenis, is om die vleeswording te verwerp en nog die kerk van die Here, nog die Here van die kerk sal dit toelaat.[85)]

In die eerste fase van die moderne teologie is 'n puur-menslike Jesus geproduseer, toe is 'n eksistensiele Christus voorgehou, en nou is ons in die derde stadium wat miskien meer beloftes inhou. Die jongste teoloë verwerp die verpsigologisering van Jesus deur die liberaliste, asook Bultmann se stelling dat die feite i.v.m. Hom nie geken kan of hoef te word nie. Die post-Bultmannianisme soek 'n Jesus Wie se woorde en dade slegs in teologiese en eksistensiële kategorieë verstaan behoort te word. Hulle open dus opnuut die moontlikheid dat sommige aspekte van die Christus van die kerugma en die Jesus van die geskiedenis een mag wees.[86)]

Käsemann toon bv. aan dat die outoriteit wat Jesus vir Homself opeis dié van Moses, of watter profeet ookal ver verbysteek. Die enigste kategorie wat reg gedoen het aan sy eis, is dié waarin sy dissipels Hom geplaas het, nl. dié van die Messias.[87)]

Die prominensie waarmee gesigspunte soos hierdie vandag in ons tyd na vore kom, verteenwoordig 'n be=

85) Boice, J.M. New vistas in historical Jesus re= search. Christianity today, 12(12): p. 4, 15 Mrt. 1968.

86) Ibid., p. 5.

87) Käsemann, E. Essays on New Testament themes, p. 38.

lowende reaksie teen die ekstremistiese skeptisisme van die Bultmanniane.

Maar ook hierdie nuwe portret van Jesus is ook nog nie bevredigend nie. Robinson meen bv. dat die Self=heid van Jesus tot ons beskikking kom via historiese navorsing én via die kerugma. Maar die historiese navorsing van die post-Bultmanniane het reeds getoon dat vertroue in hulle noue kriteria vir historiese ou=tentisiteit onbetwisbaar waardevolle dimensies van die lewe en persoon van Christus deurhaal. Eksegete wil met daardie aspekte van Christus se lewe toelaat wat geen parallel het in die dokumente van die eerste eeu n.C. nie. Hulle hou nie daarme rekening dat Jesus beide Seun van God en 'n man van sy tyd was nie, 'n rabbi wat gespreek het in terme wat sy volgelinge sou verstaan. Daarom stem baie van sy prediking en dade ooreen met die prediking en dade van baie van sy tyd=genote.[88)]

Uiteindelik sal teoloë moet kies, nie tussen die Jesus van die geskiedenis en die Christus van die ge=loof nie ('n stadium wat reeds verby is) maar tussen hulle eie rekonstruksie van Christus se geskiedenis na sifting van die Bybelse materiaal en Jesus se eie interpretasie van sy geskiedenis soos dit aan ons oor=gedra word deur die Heilige Gees in die Nuwe Testa=ment.[89)]

Calvyn het die Heilige Skrif die gewaad genoem

88) Boice, J.M., loc. cit.

89) Joh. 4:26; 16:13,14.

waarmee Christus tot ons kom; mens kan Christus en sy gewaad, respektiewelik die heilsboodskap en die „verpakking" nie skei nie. Dit misken die ware aard van die Skrif. Die Bybel is 'n geloofsgetuienis en geen versameling ewige waarhede verpak in 'n wegwerplike omhulsel nie. Dit is nie sinvol om „kern" en „omhulsel" te skei nie.[90)]

## 2.8 Die histories-kritiese benadering van die Skrif

Soos reeds vroeër aangetoon, het die sg. vernuwingsteologie sy wortels o.a. in die historiese kritiek. As hermeneutiese metode moet die histories-kritiese metode afgewys word. Dit bring wel interessante dinge na vore oor die outeur en sy tyd[91)], maar is lank nie so wetenskaplik as wat die beoefenaars daarvan voorgee nie.

Prof. Käsemann self gee toe dat die moderne teoloë weinig bronne vir literêre en vormkritiek tot hulle beskikking het. Onder andere skrywe hy dat die historiese Jesus ons in die Nuwe Testament, die enigste werklike oorkonde omtrent Hom, ontmoet, maar dan skrywe hy dat ons Hom ontmoet, nie soos Hy werklik was nie, maar as Heer van die in Hom gelowende gemeente. Dit is egter louter spekulasie.[92)] Ten spyte van hulle beroep op die wetenskap is die meeste van die eksistensie- en radikale teoloë spekulatief.

90) Kuitert, H.M. Verstaat gij wat gij leest? pp. 44-45.

91) De Jonge, M. Theologie als hermeneutiek (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. op.cit.,pp. 74-89).

92) Bergmann, G. op. cit. p. 30.

Die histories-kritiese metode moet om verskeie oorwegings afgekeur word:

* Die histories-kritiese ondersoek verlaat veel=al die vaste bodem van ernstige wetenskaplikheid en Bybelondersoek wanneer hulle, soos Bergmann dit uit=druk, hulle gissinge versier met die purper van die wetenskap en uit louter vermoedens sekerhede brou.[93]

Hoe weinig rede mens het om die resultate van die histories-kritiese metode in die hande van sommige moderne teoloë te oorskat, blyk uit die volgende voor=beeld: Martin Dibelius beskou na „wetenskaplike" on=dersoek agtien gelykenisse van die sinoptici as eg. Van hierdie agtien wys Bultmann vyftien af! Hy be=stry Dibelius nie t.o.v. die aantal nie, maar t.o.v. die plek waar dit afgespeel het. 'n Verdere bewys van die onwetenskaplikheid waarmee moderne teoloë die Skrif benader, blyk uit uitsprake m.b.t. die egtheid van Matth. 13:44: Daar lees ons: „Verder is die ko=ninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blyd=skap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand". Nou sê sommige dat hierdie versie eg is omdat dit kort, gedronge, sonder versie=ring en opskik is. Ander sê weer dat dit oneg is van=weë die kortheid en gedrongenheid daarvan en vanweë die feit dat dit so sonder versiering is, aangesien die Oosterse mens daarvan hou om poëtiese volsinne met veel opskik te gebruik.[94]

93) Ibid., p. 32.

94) Ibid., p. 33.

* Die histories-kritiese geleerdes verloor die eenheid van die Skrif uit die oog. Van die saambin=dende, sentrale Bybelse figuur van die Verlosser kom niks of weinig tereg nie.[95]

* Met die werking van die Heilige Gees word geen rekening gehou nie. Verantwoordelike teologie kan slegs bedryf word as 'n grondige ondersoek saam=gaan met 'n eerbiedige buig voor die Goddelike inspira=sie. In die werkplaas waar die Bybel ontstaan het, was nie slegs knegte nie, maar ook die Meester self aan die werk.[96]

* Solank die ondersoek bedoel om die voorge=skiedenis van die Bybel te verhelder, is dit in orde, maar volgens Ebeling bedryf die histories-kritiese on=dersoek nie net suiwere teks-, literêre en vormkritiek nie, maar inhoudkritiek. Só word hierdie metode dan springplank van 'n bepaalde filosofie van godsdiens. Dit torring aan die grondslag van die Christelike ge=loof.[97] Die onderwyser wat met sy leerlinge hierdie weg opgaan, is nie besig met geloofsbou nie, maar is 'n meester in die sloping van die mure wat reeds daar staan.

* Ebeling stel dit onomwonde dat die histories-kritiese metode eenvoudig net nie werklikheidsinsig van die moderne tydsgees eenkant kan sit of ignoreer nie,

95) Loc. cit.
96) Ibid., p. 34.
97) Ibid., p. 35.

want dit is nóú verbonde met die vooruitgang van die wetenskap en die ontwikkeling van die filosofie.[98] Hier kom die waarskuwing van Paulus te pas: „Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie."[99]

* Wanneer gepleit word vir onthistorisering van die Bybel, en daarmee bedoel word dat die Bybel nie 'n hanboek vir geskiedenis en wetenskap is nie en bedoel word dat die Bybel nie 'n ooggetuie-verslag met juiste opgawe van dag en uur is nie, dat die skrywers nie daarop uit is om kontroleerbare feite eksak weer te gee nie, kan ons 'n hele ent met die mense saamloop. Maar wanneer daarmee bedoel word dat die Bybel onhistories is, dat dit daarin net gaan om die kerugma en nie om die berig nie, dan verloor die evangelie sy krag.[100] Die gelowige mag vra na die historie. Hiervoor gee Lukas ons grond.[101]

* 'n Kerugmatiese Christus sonder meer is soos 'n tjek sonder naamtekening of bankdekking. As die Bybelles oor kruis en opstanding nie gedek word deur feitelike gebeurtenisse nie, word Christus 'n vae Christus-idee.

2.9 Humanisme

98) Loc. cit.

99) Kol. 2:8.

100) Bergmann, G., op. cit., p. 36.

101) Robinson, J.A.T. Honest to God, p. 127

Die geskrifte van die eksistensieteoloë toon onteenseglike spore van die humanisme: Die mens word selfs bo God en sy Woord gestel.

Van die transendensie van God bly net dit oor dat die Syn in die algemeen meer is as die klein stukkie wat die individuele mens uitmaak. Op die duur word die grens tussen die individuele self en die Goddelike Self uitgewis [102]-God en mens word identies.

Volgens die eksistensieteoloë leef die mens in 'n wêreld van lopende bande, outomate, kortom: van tegniek, van die sigbare. Daarom neem hy aanstoot aan die geloof. Om na hom toe te kom met 'n beroep van bekering, berou en belydenis is om hom 'n valse skuldgevoel en skaamtegevoel te gee. Daarom moet die verkondiging afgestempel word op die moderne mens. Dit kom dus daarop neer dat die Skepper na die skepsel gerig moet word. Nie God en sy onfeilbare Woord nie, maar die mens is self die magneet-veld van die lewenskompas. Die nietige aardbewoner word die maatstaf vir die universum. Mens kry die indruk of die moderne teologie skryftafelteologie is. Ondanks die beroep op die moderne mens gaan dit heeltemal by die oorsaak van die mens se nood verby.[103]

Egte geloof is na die mening van die moderne teologie 'n geloof wat geen beroep doen op die vermeende, legendariese of selfs historiese feite uit Jesus se lewe nie. Egte geloof wil geen sekerheid deur sg. „feite" nie. Egte geloof het geen kruis en geen op=

102) Robinson, J.A.T. Honest to God, p. 127.

103) Bergmann, G. op. cit., pp. 62, 63.

standing nodig nie, ook geen bestaande Jesus nie. Bultmann sê selfs dat die sinoptici nie oproep tot geloof in die Persoon van Jesus nie. Jesus het ook geglo, tot die dood toe selfs was Hy sy geloof getrou. Daarom moet ons glo sóós Jesus, nie in Jesus nie. Vir die Christelike geloof, word gemeen, is dit absoluut onbetekenend of iemand aanneem dat Jesus in die verre verlede blindes en lammes genees het, of dat iemand dink dat Jesus liggaamlik opgestaan het en in 'n ver= heerlikte liggaam aan sy dissipels verskyn het.[104) ] Maar wat is geloof dan? Volgens Bultmann is die deur die kerugma vereiste geloof die opestaan vir die nuwe moontlikhede van die eksistensie van die mens - dus: humanisme. Bultmann sê uitdruklik dat die verkondi= ging in ons lewe niks bring wat daar nie vantevore was nie. .... maar dit open ons oë - ons lewe kry 'n nuwe kwaliteit. Per slot van sake is die eksistensialis= tiese geloof 'n geloof in die mens self. Dit is niks anders as 'n met vele woorde opgetuigde antropologie nie. Dit is selfs antroposentries. Die mens sorg vir sy eie heil - dit laat Bergmann dink aan die man wat homself aan eie hare uit die moeras wil trek. By= belse geloof is 'n geloof enkel en alleen in Jesus Christus, 'n geskenk aan ons van die drie-enige God. In die moderne teologie is die geloof 'n geloof aan die mens self.[105)]

Selfs gebed is maar gesprek met jouself, volgens Bultmann, 'n inkeer tot jouself, 'n gesprek met jou

104) Ibid., p. 64.
105) Ibid., pp. 65, 66.

betere „Ek". Hierteenoor kan ons as Skrifgelowiges maar net Luk. 24: 52; Hand. 9:14 en 1 Kor. 1:2 stel.[106] Ook volgens Bonhoeffer kom dit maar daarop neer dat ge= loof mensegeloof is.[107]

Ook die sg. korrelasiegedagte is sterk humanisties van inslag in soverre daarin sprake is van openbaring alleen as geloof die openbaring as sodanig herken. So word die openbaring van God afhanklik van die geloof van die mens gemaak. So word die mag en gesag van die openbaring gebreek. Tallose kere het God deur Sy profete gespreek (dink maar aan Esegiël) terwyl die mense die prediking nie as sy Woord herken het nie en dit ook nie met geloof beantwoord het nie.[108] Tog was dit sy Woord!

In sy pogings om die Bybel in sy sg. mitologiese vorm te ontmitologiseer ten einde dit vir die moderne mens verstaanbaar te maak, begaan Bultmann die grond= fout om die <u>inhoud</u> van die verkondiging te laat bepaal deur sy moderne mensbeskouing. Eers word bepaal wat vir die mens aanneemlik is volgens sy wêreldbeeld en dan word die gereduseerde waarheid van die Skrif wat bevatlik is vir die moderne mens hom in die verkondi= ging aangebied. Maar so gaan die wesenlikste van die Skrifgetuienis wat vir die mens nie bevatlik is nie, van watter tyd ookal, verlore. Ook by Tillich word die inhoud van die evangelie opgeoffer aan die vrae van die mens. So word by Robinson en Paul van Buren dan God selfs uitgesluit uit die prediking en die

106) Ibid., p. 70.
107) Hoenderdaal, G.J., op. cit. p. 209.
108) Van Dijk, M.P. Naar een nieuwe vrijzinnigheid, p.90

Bybelles.[109]

Die vraag ontstaan of die roepende Macedoniër nie bepalend was vir Paulus se verkondiging aan Europa nie. Bewys dit nie die waarheid van Brunner se standpunt dat die evangelie by die nood van die mens moet aansluit nie? Die antwoord hierop is: Die nood van die Macedoniër is dat hulle sonder die evangelie is. Hulle ken die nood nie uit hulleself nie. Die smekende gestalte is verteenwoordiger van die nood van die mense soos Gód dit gesien en geken het. Dit gaan dus nie om die nood van die mens soos hyself dit ken en sien nie en dat die evangelie dan dáárop 'n antwoord moet gee nie, maar dit gaan om die mens en sy nood waarop die evangelie reeds die antwoord gegee het, altyd weer gee en sal gee. Dit gaan dus nie soseer om die mens aan wie die evangelie verkondig moet word nie, as om die regte verkondiging van die evangelie, of verkondiging slegs van die evangelie! Die evangelie skep vir homself die gehoor deur die werking van die Gees. Dié verkondiging kan dus nie van die mens, nie van die antropologie, nie van die vrae en nood van ons eksistensie uitgaan nie, maar van die heil in Jesus Christus. Die eksistensialiste wil die Woord van God op die vrae van die mens laat antwoord terwyl die mens op die Woord van God antwoord moet gee.[110]

Die eksistensialiste het die klem in die teologie

109) Van Zyl, F.J. Die reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. Hervormde teologiese studies, 23(3): pp. 114, 115.

110) Ibid., p. 117.

van Goddelike inisiatief na menslike navorsing ver=skuif.[111] Die beperking van die inhoud van die godsdiens tot stellings oor God in relasie tot ons, is 'n herlewing van uitsprake van Kant en Schleiermacher.[112] Wie die menslike verstand so oorskat, moet in gelyke mate die openbaring van God in sy Woord onder=skat. Die „outonomie" van die moderne mens is die sondeval van ons tyd. Die oorskatting van die mens in die moderne teologie blyk duidelik uit die samehang daarvan met die eksistensialisme.[113]

Ons het dus duidelik in die moderne eksistensie=teologie met 'n verantropologisering van die teologie te doen: die mens met sy dade en beslissings, die mens met sy eksistensie staan só in die middelpunt dat God per slot van sake dood verklaar moet word.[114]

Die God-is-dood-teorie bewys dus niks as net die bedorwenheid, onsedelikheid en korrupsie van die mens en dat die moderne teoloë self net so min as enige an=der mens van dié korrupsie en behoefte aan verlossing en versoening vry is nie.[115]

## 2.10 Sekularisme

In die godsdiens het ons met Iemand te doen, nie

111) Henry, C.F.H. Where is modern theology going? Christianity today, 12(11): p. 6, 1 Mrt. 1968.

112) Loc. cit.

113) Bergmann, G. op. cit., p. 15.

114) Van Niftrik, G.C. Theologische revolte. (In Berk=ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. op. cit., p. 21.)

115) Clark, G.H. e.a. Assault upon the living God. Christianity today, 12(12): p. 14, 15 Mrt. 1968.

met iets nie, nie met die mensdom en sy geskiedenis nie. As kerk identies word met „wêreld" en „wêreld=verbetering" en niks meer nie, het dit opgehou om aan die wêreld 'n boodskap te bring. Dan het dit vir die wêreld niks meer te sê nie en kan dit slegs napraat wat die wêreld self lank gelede al ontdek het. As die kerk nie 'n eie boodskap te bring het nie, 'n belofte wat die wêreld self ons nie geartikuleerd kan bring nie, dan het die kerk sy eie relevansie verspeel en het in=derdaad geen bestaansrede meer nie. Dan is die einde van die „konvensionele Christendom" sondermeer die ein=de van die Christendom. Slegs as die Christendom 'n eie gesig vertoon en 'n eie naam kan gee aan die wêreld=like sorg vir die medemens en die persoonlik-definitie=we sin daarvan kan blootlê en proklameer, het dit aan die gesekulariseerde wêreld nog iets te sê.[116)]

Sekularisasie bring nie net vryheid nie, maar ook 'n nuwe knegskap. Dit gebeur wanneer die vrugte van die evangelie en die vrugte van die evangelisasie gesien en geniet word sonder om kennis te neem van die boom wat hulle dra. Bevryding van die magte beteken diens van nuwe gode waarvan sekularisasie self die vernaam=ste is. Die proses van sekularisasie self word nou die voortgaande selfontvouing van die waarheid - dit word verabsoluteer en vereer. Dit lei tot 'n ontaarde vorm van sekularisasie wat sekularisme heet.[117)]

116) Schillebeeckx, E. Zwijgen en spreken over God in een geseculariseerd wereld. Tijdschrift voor Theologie, 7(4): p. 353, Jan., Febr., Mrt. 1967.

117) Van Zyl, F.J. Die reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. Hervormde teologiese studies, 23(3): p. 121.

Die groot vraag wat ons aan die eksistensialiste stel, is: Moet die verlossing verwêreldlik word of moet die wêreld verlos word?[118)]

2.11 Nuwe moraal

Die neo-ortodoksie (Barth, e.a.) het die Ek-Jy-ontmoeting tot beslissende sentraliteit verhef en dit in verband gebring met die bo-natuurlike openbaring van 'n persoonlike God wat geheel anders is as die mens en die natuur. Die eksistensialisme het hierdie ver=houding verdun en herformuleer in terme van transenden=te persoonlike ontmoeting. Die radikaliste het die verhouding verder verswak deur die realiteit van 'n per=soonlike God te verwerp asook die klem op 'n openba=ringskonfrontasie. Teilhard de Chardin, Whitehead en Robinson wat transendente persoonlike individuele open=baring verwerp het, praat van Goddelik-menslike verhou=dings slegs in mistiese en eksperimentele terme en sien die ganse werklikheid as een veld waarin die Al en die persoonlike 'n enkele kosmiese beweging vorm aan die hand van interpersonalisering in liefde. Die teolo=giese konsekwensies van hierdie oorgawe van Bybelse terrein is ernstig. Die lei o.a. tot die verlies van 'n absolute onderskeiding tussen goed en kwaad.[119)] Bowendien is daar geen norme van buite die mens t.o.v. die goeie nie - die norm lê in die mens self, nl. naas=

118) Van Ruler, A A. Motieven en themas in het denken van Dorethee Sölle. (In Berkouwer, G.C. en Van der Wou=de, A.S., op. cit., p. 133.

119) Henry, C.F.H. Where is modern theology going? Christianity today, 12(11): p. 6, 1 Mrt. 1968.

steliefde. Sô gaan godsdiens dan geheel op in naas= teliefde - dit word puur 'n soek van moraliteit en niks meer nie.

Kuitert sê die Christelike geloof het ook in sake van die moraal 'n boodskap, maar nie net daarin nie, „Het vliegt als een goede vogel met twee vleugels het biedt een boodskap van verlossing, bestaande in ver= geving, verzoening en herschepping van mens en wereld; dat is de hoop waarvan wij leven. Daarnaast biedt het aanwijzingen voor wat wij moeten doen, m.a.w. wat het leven eigenlijk is. Beide zijn niet zonder el= kaar denkbaar ... met een vleugel kan geen vogel vlie= gen. Maar beiden vallen niet zamen. Om in de beeld te blijven: de vleugels zitten nu eenmaal aan een ver= schillend kant."[120)]

Dit gaan dus in die Christelike geloof nie net om moraal, soos die hedendaagse teoloë dit wil nie. 'n Mens moet ook nog met God in die reine kom. Dit is tiperend van die reformatoriese Christendom dat dit altyd volgehou het: In die reine kom met God vind nie plaas deur die moraal nie. Om moraal sy verdiende karakter te ontneem, beroof dit egter nie van sy nood= saak nie.[120)]

Christus roep ons wel telkens op tot naasteliefde maar dit gaan om meer as net solidariteit met die ver= onregtes. Godsdiens gaan beslis nie op in „medemens=

120) Kuitert, H.M. Verandering van de moraal. Regel= recht, 5(1): pp. 5, 6, Jan. 1968.

121) Ibid., p. 11.

likheid" nie.[122)]

Die teologie van Sölle(„nu is het tijd iets te doen voor God"), Robinson (Jesus is die „man for others"),Bräun(„Der Mensch als Mensch in seiner Mitt=menschlichkeit impliziert Gott"), e.a. kom almal op dieselfde neer. Hulle maak hiermee God tot 'n funksie in die sedelike lewe van die mens. „Gott wird redu=ziert auf seinen Wert für unsere sittliche Existenz. Die Strafe dafür ist die unverkennbare Gesetztlichkeit." 123) Die nuwe moraal kan nie anders as om tot wetti=sisme te lei nie, want die Wetgewer agter die wet ver=dwyn of vervaag.

Hoenderdaal stel die volgende beslissende vrae: Watter krisis staan ons te wagte as die gemeente moeg is van die preke oor die medemenslikheid? Watter kri=sis staan ons te wagte as ons tot die ontdekking kom dat ons menslike feilbaarheid, ons tekort aan insig en ons gebrek aan liefde fundamenteel met ons lewe ver=bonde is? Dit beteken dat ons tog maar weer beter moet begryp wat sonde is as ons nie in sedelike oorspan=ning wil verval nie. Sien ons nie in ons tyd reeds hoe „non-violence" na „black power" oorgeslaan het nie?[124)]

Waar die Christelike boodskap tot etiek versmal word, val die kerk meesal weg of dit kan net anoniem

122) Van Buren, C.A., op. cit., p. 50.

123) Golwitzer, H. Die Existenz Gottes im Bekentniss des Glaubens, p. 189)

124) Hoenderdaal, G.J., Een tussentijdse balans ... Nederlands Theologisch tijdschrift, 22(2): p. 214, Febr. 1968.

werk in die ontwikkeling van die maatskaplike opset. Die erediens word 'n luukse of belaglik aspek. Lewe onder die genade beteken tog ook dat mens die moed ontvang het tot lofsang en gebed. Daarin kom die vol=heid van ons Christelike geloof en die rykdom van 'n bevryde lewe voor die aangesig van die Here ten volle tot uiting. „Liturgie die niet tot diakonie voert is inderdaad een ongeoorloofde luukse, zolang er in de wereld nog door mensenschuld geleden wordt. Maar diakonie zonder liturgie mist de bevrijdende ruimte waarin zij pas waarlijk kan opgroeien ter ere Gods"[125]

Die etiese oorspanning en die verwaarlosing van die liturgiese element laat mens iets herken van 'n vooruitgrype na die Koninkryk van God; 'n poging om te reik tot in die hemel, 'n nuwe toringbou van Babel. Al sou daar in die nuwe Jerusalem, volgens Johannes se Openbaringe, geen tempel wees nie, lei 'n voorbarige vooruitgrype daarna na verwarring, geweld en sinnelik=heid. Die nuwere teologie besef nie dat die nuwe Je=rusalem nie deur mensehande gebou word nie, maar neer=daal uit die hemel van God en dat dit die heerlikheid van God besit. Die stad van die mens het 'n tempel tot haar behoud nodig.[126]

Hier moet egter suiwer geoordeel word: Jesus sê wel „nee" teenoor die wet, maar in soverre die wet mid=delaar kan wees tussen God en mens. Jesus sê „nee" teen die geregtigheid uit die wet. Dit beteken nie dat Jesus die wet überhaupt afwys nie: juis in die ver=gewing bring Hy die wet tot gelding: Geen vergifnis

125) Ibid., 215,

126) Loc. cit.

sou moontlik of nodig wees as daar nie iets was om te vergewe nie, nl. die sonde wat deur die wet veroordeel word. Jesus self gehoorsaam die wet. So leer Paulus ook: In die gestorwe wees aan die wet as middel om ge= regtigheid te verwerf, het die nuwe gehoorsaamheid sy wortel. Die wet kom weer tot vervulling. Paulus hou die wet voor as riglyn vir die konkrete lewe in die gemeente.[127)]

Hoe ontmoet mens God? Robinson sê omdat die mens na God se beeld geskape is, ontmoet mens God in jou naaste. Die transendente sal ons deur die immanente tegemoet tree deur die mens as beeld van God te waar= deer.[128)] Daar kom geen gebooie van „buite" op die mens af nie.

Wie beweer dat Jesus geen gebooie gegee het nie, ontken dat die Bybel gebooie gee. Natuurlik het Hy nie 'n kode van gedragsreëls, geen sisteem van beginsels gegee waaruit vir alle moontlike gevalle toepassings sou kon gemaak word nie. Jesus het wel gebooie ge= gee, natuurlik in en vir die situasie van sy tyd, maar oor die situasie heen ook vir alle tye.[129)]

Wie beweer dat die gebod van buite af lewensvreemd sou wees en 'n ondraaglike juk sou beteken, het vergeet dat juis die gebod van Hom wat die mens beter geken het as ons, die mens dien. Die sabbat is vir die mens, die huwelik vir die mens, maar as gebooie waarna ons luister en wat ons teen alles in gehoorsaam.[130)]

127) Van Dijk, M.P. Naar een nieuwe vrijzinnigheid,p.77.
128) Ibid., p. 78.
129) Ibid., p..79.
130) Ibid., p. 80.

Die implikasie van die nuwe moraal is dat Psalm 119, ja die hele Bybel, onsingbaar geword het.

Dat ons God nie kan liefhê sonder om ons naaste lief te hê nie, is wel duidelik uit die Bybel, maar n naasteliefde sonder God is mensverering. Ons kan nie versoening van Versoener skei nie. Wie meen dat die gebod slegs uitdrukking van gemeenskap is, raak gebod en gemeenskap kwyt. Ons kan aan die gebod nie ge=hoorsaam wees sonder om gestalte daaraan te gee nie, maar dan bly dit nog gestaltegewing aan die gebod. Jesus spreek nie nét van die hoofsom van die liefde nie - die afsonderlike gebooie bly daarby betrokke. Hy relativeer hulle nie vanuit die hoofsom nie.[131)]

Kan ons iets leer by die nuwe moraliste? Beslis ja: die ware geloof moet in die praktiese lewe beoe=fen word. Maar: Sonder 'n soewereine, transendente God en 'n versoenende Middelaar, het ons nie meer met geloof te doen nie, maar met afgodery. Naastediens sonder God is valse diens, afgodery, humanisme.[132)]

## 2.12 Reduksieteologie

Iemand het die radikale eksistensieteologie geti=peer as 'n godsdiens met 'n God sonder toorn wat mense sonder sonde bring in 'n koninkryk sonder oordeel deur die arbeid van 'n Christus sonder 'n kuis.[133)]

131) Ibid., pp. 81, 82.

132) Treurnicht, A.P. Godsdiens sonder God. Hoofstad p. 4, Sat. 17 Aug. 1968.

133) Loc. cit.

Die gevolg hiervan is reduksie van die teologie oor die hele front:

Die kerk verloor sy profetiese roeping - eintlik is die kerk nog net priester in hierdie wêreld, maar dan 'n priester wat sy barmhartigheidswerk rig op hier=die wêreld sonder in agneming van God.

Bergmann se felle kritiek is seker ietwat oordre=we, maar spreek tog duidelike taal: „Het zijn meesters in het slopen. Zij besmeuren de heilsgeschiedenis, mismaken de wonderen, ontvolken de hemel en verscheuren de Bijbelse Christus. Zij laten een spoor na van puin en puinhopen."[134)]

Bergmann meen ook, en tereg, dat hulle 'n teolo=gie ontwerp het vir die kollegesaal en vir die gladde parket van 'n deftige aula, waar mens lewensvreemde, intellektuele akrobatekunsies ten beste kan lewer, maar hulle teologie reik nie tot aan die werkbank van die fabriek, nie tot in die siekesaal nie en het geen enke=le antwoord op die vrae van die jeug nie. Hier word die volle krag van die opgestane Christus benodig, nie 'n verskeurde parket van Hom nie.[135)]

Hoe word die godsdiens nie verskraal deur die mis=kenning van die vertikale dimensie daarvan nie. Alles is horisontaal, bloot menslik. Omdat die mens, vol=gens die eksistensieteoloë die transendente nooit kan ken nie, moet hy hom tevrede stel met die „diesseits".

134) Bergmann, G., op. cit., p. 116.
135) Loc. cit.

Dit word toegegee dat die mens van sy kant af nie tot die „jenseits" kan deurdring nie, maar, en dit laat die eksistensieteoloë net buite die gesigsveld, God kan van die „jenseits" na die „diesseits" deurdring. Hy openbaar Hom in sy Woord deur sy Gees.[136)]

Die woord „verifieerbaar" kom herhaaldelik voor in die literatuur van die moderne teologie. Wat nie „verifieerbaar" is nie, kan nie as egte gebeurtenis aangemerk word nie. Hieronder val vir Bultmann en sy volgelinge o.a. die wondere van die Bybel.[137)] Hier= teenoor antwoord die Bybel self: „Hy wat van bo kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal. En wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy; en niemand neem sy getuienis aan nie. Wie sy ge= tuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is."[138)]

Hoe die modernistiese teoloë die godsdiens en teo= logie reduseer, blyk ook ten duidelikste by Dorothee Sölle: Christus is hier net „primus inter pares" - van die "homo-ousios" bly niks oor nie. Die evangelie word afgestroop sodat net die wet oorbly: „Hier gaat de gezel der wet over de arme zielen: wet zonder veel evangelie."[139)]

136) Ibid., p. 18.

137) Ibid., p. 19.

138) Joh. 3:31-33.

139) Van Niftrik, G.C. Theologische revolte, (In Berk= ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 30.

Ons tref by Sölle wel baie sedelike en religieuse erns aan, maar weinig blydskap, om van sielsverrukking maar te swyg. Hier vind ons heiligmaking sonder reg=verdiging en 'n eskatologie sonder vaste belofte.[140)]

Daar is reeds vroeër aangetoon dat Bultmann, e.a. die feit dat die evangelies tog klaarblyklik as 'n blye boodskap in historiese vorm tot ons kom, minimiseer. As die Christelike geloof, soos hier inderdaad die ge=val is, gereduseer word tot die „dat-heid" van Jesus en sy bestaan, kan ons nie anders nie as om dan te vra: Waarom dan selfs dit?[141)]

Die rede waarom Robinson daarin slaag om, in die oë van vele, vernietigende kritiek teen die tradisio=nele opvattinge te lewer, moet gesoek word in die feit dat hy hom skuldig maak aan vertekening van die verle=de: Die klassieke versoeningsleer word by Robinson tot 'n karikatuur gemaak. Dit is dan maklik om te bestry. Dieselfde geld van die inkarnasie en die religie.[142)] Ook by Bultmann bly van die geskiedenis so goed as niks maar oor nie.[143)]

Die gebed kry in die nuwe teologie feitlik geen plek nie. As die transendente, die „jenseits", die „meta-fisiese", die „God-daarbo en daarbuite" verdwyn, verloor die gebed sy sin. Robinson weet byvoorbeeld

140) Loc. cit.

141) Boice, J.M., op. cit., p.4.

142) Kuitert, H.M. Niet-theologische achtergronden van de zogenaamde vernieuwingstheologie. (In Berkouwer. G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 32).

143) Loc. cit.

met die gebed geen raad nie.[144)]

Daar is ook vroeër daarop gewys dat die Bybelbood=skap van sy hart beroof word weens die miskenning van God se verbondshandeling met sy volk. Indien die ge=skiedenis so van sy sin beroof word, kan mens begryp waarom die geskiedenis self so maklik oorboord gegooi word.

Deur prysgawe van die Ou Testament en die verbond en vervanging daarvan met die moderne wêreldbeskoulike problematiek, dreig die heil om antropologies-piëtis=ties-subjektivisties verkort en vereng te word. By Robinson, e.a., is dit inderdaad die geval.[145)]

Die Bultmanniane verskraal die hele Bybelse en Christelike teologie tot eksistensie. Kan die eksis=tensie hierdie hele gebou dra? In 1960 het Berkhof gesê: „Wij hebben een God die meer is ..... dan de garant onzer existentie, meer dan de andere pool ener relatie. Wij hebben een God die zich op leven en dood verbindt met ons bloedwarme en rebelse bestaan als mensen in de wereld, die erin doordringt, en bijna in ondergaat, het redt, omzet en opstoot tot nieuwe mogent=lijkheden."[146)] Ons kategismus leer ons ook dat ge=loof nie alleen 'n gewisse kennis of wete is nie, maar óók 'n vaste vertroue. Teenoor die nuwe teologie moet ons sê: nie alleen vertroue nie, maar óók 'n sekere

144) Loc. cit.

145) Szekeres, A. Bishof Robinsons „Honest to God" ... Nederlands Theologisch Tijdschrift, 20(2):p. 199, Febr. 1966.

146) Aangehaal deur Van Niftrek, G.C., Theologische revolte. (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S. op. cit., p. 26).

kennis of wete. Kennis is wonderbaar en hoog, sê Van Niftrik; daar kan ek met my eksistensie nie by nie. En as ek slegs wil glo en verkondig en leer dit wat ek met my eksistensie kan bykom, verskraal en redu=seer ek die Bybelse boodskap. Die heil bevat meer as die eksistensiële - die opstanding het kosmiese be=tekenis: Aarde en wêreld, mensheid en kultuur is ge=red.[147)]

Torrance is ook van mening dat die oordrewe klem op objektiviteit en die obsessie om die groot Christe=like dogmas van inkarnasie en versoening te reduseer tot vorme van „self-understanding" 'n aanwysing is dat die religieuse mens 'n soort diepe geestelike psi=giatrie en terapie wanhopig nodig het. Moet ons dan terugval in 'n wyse van denke waarin die mense alleen maar dít as waar wil aanvaar wat hulle kan vorm en mo=delleer d.m.v. hulle eie verbeelding en begrip?[148)]

## 2.13 Die realistiese werklikheidsbegrip van die mo=derne teologie

Die realistiese werklikheidsbegrip leer ons dat die mens van ons tyd daarvan oortuig is dat alle pogings om die geheel te dink, teen die klipharde realiteite van die lewe stukkend geslaan word.[149)]

147) Ibid., pp. 26, 27.

148) Torrance, T.F., Theology in reconstruction, p.277.

149) Szekeres, A. De antimetaphysische tendenties in de filosofie van Teilhard de Chardin. Nederlands Theo=logisch Tijdschrift, 22(1): p. 19, Okt., 1967.

J. Sperna Weiland beskrywe die gevolge van die realistiese werklikheidsbegrip treffend soos volg: „De scherven van het figuratieve denken liggen om ons heen, en wij ontwerpen geen nieuwe wereldbeeld. Wij hebben er vrede mee, dat de beelden stuk zijn en dat wij ons in de wereld moeten oriënteren zonder het ge= heel te overzien.[150]

Die realistiese werklikheidsbegrip van die huidige teologie en filosofie vertoon die tendens om die kon= krete uit die totaalsamehang te isoleer. 'n Werklik= heidsbeginsel wat uit die totaalsamehang losgemaak word, neig tot disintegrasie en verbrokkeling met die gevolg dat die geïsoleerde so dreig om verabsoluteer te word. [151]

Die realisties gerigte denke lewer ook ken-teore= tiese moeilikhede op. Dit hang daarmee saam dat mens by die empiries-reële wil begin en dan poog om uit die „objektiwiteit" te spreek. Steeds word hier oor die hoof gesien dat ook die mees objektief-bedoelde uit= sprake nog steeds en altyd uitsprake van die menslike <u>subjek</u> is.; alle, ook die mees objektiefbedoelde uit= sprake, is subjektief gekondisioneer.[152]

Die teologie, en so ook die Godsdiensonderrig, moet hom nie verbind aan die realistiese werklikheidsbegrip nie. Dit sou daartoe lei dat eksistensialiteit en

150) Weiland, J.S. Oriëntatie, p. 19.

151) Szekeres, A. De antimetaphysische tendenties in de filosofie van Teilhard de Chardin. <u>Nederlands Theologisch Tijdschrift</u>, 22(1): p 32, Okt. 1967.

152) Ibid., p. 34.

„Diesseitigkeit" (neo-positivisme en neo-realisme) normatiewe betekenis verkry en tot teologiese prinisipes verhef word; dit sou lei tot 'n antropologiese reduksie, respektiewelik tot 'n horisontale vervlakking van die teologie.[153)]

2.14 Algemene, kritiese slotopmerkings

Die eksistensie- en God-is-dood-teologie het 'n sterk rasionalistiese inslag, is uiters spekulatief (onwetenskaplik, onsistematies), onrealisties (bv. in die ontkenning van die sonde), negatief, oppervlakkig, pessimisties, verward en verwarrend, duister, dualisties, intellektueel onverantwoordelik en tendensieus.

Hierdie algemene stellings word verderaan effens breër uitgewerk:

Dikwels word op 'n uiters spekulatiewe en onverantwoorde wyse gepoog om korte mette te maak met gevestigde Bybelse beskouings sonder vooraf diep daaroor te besin. In goedkoop slapband-uitgawes en in ekumeniese gesprekke word die radikale verhouding beklemtoon sodat bestaande ondersteuning vir historiese teïsme nie na reg weerspieël word nie. Die voortbrenging van subjektivistiese teorieë m.b.t. God wissel mekaar so vinnig af dat skema na skema blyk „half-day popularity" en „one-campus visibility" te hê.[154)]

Die God-is-dood-teoloë van ons tyd is onsistematies, skoenlapper-teoloë: Hulle kies en keur wat hul=

153) Loc. cit.

154) Henry, C.F.H., op. cit., p. 6.

le na vore wil bring.[155)]

Die saambindende faktor in die hele tradisie wat Ritschl, Barth, Bultmann, Altizer en die linguïstiese teoloë saambind, is deur Kant verskaf met die prinsipe: Mens kan geen kognitiewe kennis van die super-natuurlike hê nie. Die voorspelbare gevolg is metafisiese agnostisisme. Wie hierdie voorafgaande stelling omvergooi, „strikes a knock-out blow against the basic bias in contemporary theology."[156)]

Die heilige religieuse motiewe waaraan die Bybelse openbaring volgens Christelike interpretasie beslissende betekenis gegee het, word deesdae op soveel verskillende maniere en met soveel verskillende betekenisse deur teoloë en predikers gebruik dat die geïnstitueerde Christendom so goed as moderne toring van Babel geword het. Die term „God" word byvoorbeeld so verskillend gebruik dat „The Encyclopedia of Philosophy - 1968" volgens Henry verklaar dit is „very difficult - perhaps impossible - to give a definition .... that will cover all usages" (III, p. 244). Gerard Ebeling sê ons sterf aan „language poisoning"; Henry verkies om te spreek van „word-distortion".[157)]

Die voorstanders van die „God-is-dood"-teologie is innerlik verdeeld: Vahanian se klem daarop dat God eksistensieel dood is vir die moderne mens is deur sommige misinterpreteer en hulle het toe vir 'n ontiese dood van God gepleit; Altizer se posisie is 'n ver=

155) Loc. cit.

156) Loc. cit.

157) Loc. cit.

leentheid vir ander „God-is-dood"-teoloë omdat dit epistomologiese steun mis. Volgens Van Buren sluit die empiries-wetenskaplike metode wondere en die bo=natuurlike uit; dog op inkonsekwente wyse veroordeel hy die unieke waardes wat met Jesus in verband staan tot dieselfde valbyl.[158)]

'n Mens kan verwag dat kontemporêre teologie bin=nekort weer 'n <u>nuwe wysie</u> sal sing. As mens eenmaal gesê het dat God dood is, wat bly daar dan oor om te sê? Die ywerige lesers sal nie daarvan hou om nog lank om 'n lyk te draai nie.

Talle <u>dualismes</u> kom na vore in die eksistensie=teologie. Dit skyn bv. asof Dorothee Sölle die vol=gende vrae nie behoorlik deurdink het nie:

Hoe kan mens, gesien die onverlostheid van die wêreld, alles so na die toekoms verskuif? Waarom moet ons in die uitstel lewe as die ryk van God teen=woordig is in die wetenskap? Waarom so 'n geweldige klem op die heerskappy van die mens maar terselfdertyd 'n lydelike gee vir ander, terwyl ook Christus nie die opgestane Heer mag wees nie en God van sy mag beroof moet word en in onmag en lyde moet rondskarrel?[159)]

Dr. Sölle poneer dat die mens onseker, twyfelend, ongelukkig moet wees. Sy waarsku teen elke vorm van dogmatisme en heilspositivisme. Hoe rym mens hierdie eksistensialistiese element met die gesignaleerde

158) Loc. cit.

159) Van Ruler, A.A. Motieven en thema's in het den=ken van Dorothee Sölle (<u>In</u> Berkouwer, G.C. en Van der Woude, A.S., op. cit., p. 135)

rasionalistiese element? Verder: Hoe kan die mens twyfel en heers tegelyk?[160]

Sölle (en ook ander) is van mening dat die moderne mens só mondig geword het dat hy in ons tyd God nie meer nodig het nie. As God dan nou dood is weens ons mondigheid, waarom ly ons so ontsettend na sy dood? Verder: As God in die moderne tyd weens ons mondigheid gesterf het, waarom sê sy dan ook dat Hy in Christus reeds gesterf het? En: As Hy dood is, waarom spreek Mev. Sölle nog so baie oor Hom? In haar geskrifte kan minstens dertig stellings oor God gevind word. Haar stellings is erg inkonsekwent, verwarrend en teenstrydig.[161]

Soos haar medestanders beskou dr. Sölle die verlede as nie die moeite werd om woorde op te verkwis nie, ook van die hede moet so gou moontlik weggekom word - die toekoms is alles. Sy het derhalwe geen floue besef dat sonde skuld is nie - sy beskou dit as mities.[162]

Wie die sonde verwaarloos, verwaarloos nie slegs die mens nie, maar ook Jesus Christus. Bultmann erken ook die erfsonde. Hy vind dit 'n onsedelike en onmoontlike begrip.[163] Aan al hierdie sondenegeerders kan ons maar net Ps. 51 voorhou.

Dit is onduidelik waarheen die radikale teoloë wil beweeg. Robinson dien hier as goeie voorbeeld. Sy boekie „Honest to God" is verwarrend weens die on=

160) Ibid., pp. 136, 137.
161) Ibid., p. 140.
162) Ibid., p. 134.
163) Bergmann, G., op. cit., p. 108.

pastorale karakter daarvan; dit breek meer af as wat dit kan opbou. Die verwarring wat hy gestig het, het hom soveel kritiek op die hals gehaal dat hy daarna self verward was. Sy twee stukke wat daarna opgeneem is in „The honest to God debate" is in menige opsig 'n oneervolle terugtog. Daarin sê hy dat dit nie nodig is om 'n „God-daarbo" te vervang met 'n „God-in-die-diepte" nie; hy wou maar net vir die mense wat hulle nie meer met 'n „God-daarbo" kan behelp nie 'n nuwe Godsvoorstelling bied! Robinson mis dus 'n grondlig=gende teologiese prinisipe en is pragmatis. Origens kritiseer hy Tillich se „God is die Grond en die Diep=te van die syn" (waarop die ganse dogmatiek van „Honest to God" opgebou is!) en verklaar nou uitdruklik dat hy nie tot die Grond en die Diepte van die Syn bid nie, maar tot die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy wil nie 'n ander evangelie verkondig nie en hou nog vas aan sy belydensskrifte. Wat 'n halfslagtige, onver=staanbare kompromie![164] Robinson se boeke en arti=kels is verwarrend indien nie irriterend nie; ook trosteloos. Van lg. is die buiteblad van sy boekie sprekend: 'n sittende mansgestalte wat diepteskou hou terwyl hy met sterk na vore geboë bolyf eensaam en terneergedruk op die grond staar.

Die <u>teologiese oppervlakkigheid</u> van die moderne teologie kan ook op sy beste na vore in Robinson se „Honest to God": Die prinsipiële grondstrukture van die Bybel word geheel versaak en in 'n ruimtelik-geo=

164) Szekers, A. Bischof Robinsons „Honest to God" ... <u>Nederlands Theologisch Tijdschrift</u>, 20(2): p 204, Febr. 1966.

metriese skema gedruk waarvan die positiewe of nega=tiewe hoofbegrippe is: bo, onder, midde-in, diepte, ens. Die Godsbeeld is nie uit die eintlike teologie=se verbande ontwerp nie, maar volgens 'n abstrak self=gekose model gekonstrueer waardeur sy werk natuurlik teologiese diepte ontbeer. Verder is „Honest to God" oppervlakkig omdat dit 'n konglomeraat is van gedagtes van Tillich, Bultmann en Bonhoeffer wat in „vreedsame naasbestaan" langs mekaar ingeryg word asof hulle som=merso sondermeer met mekaar versoenbaar is. Daarby is dit twyfelagtig of Robinson se weergawe en inter=pretasie van hierdie drie teoloë volgens hulle bedoe=ling is. As gevolg van gebrek aan teologiese diepte word o.a. Bonhoeffer, die betekenisvolste van die drie inspiratore, opgeoffer. By Bonhoeffer speel die Ou Testament nog 'n beslissende rol. In die teologie van Bonhoeffer is dit tog die lewende God van die Ou en die Nuwe Testament wat die beelde wat ons mense van Hom gemaak het, verslaan; by Robinson is dit die mens, wat op grond van sy eie wêreldbeskoulike begrippe be=paalde Godsvoorstellings krampagtig korrigeer en eie=willig verwerp en dan 'n nuwe Godsbeeld ontwerp. Die volle aksent val op die mens wat aktief is.[165)]

In die eksistensieteologie is 'n dualisme aan die woord wat in sy grond on-Bybels is. Die probleemstel=ling natuur-vryheid wat ons by die eksistensialiste aantref, verskil wesenlik van die probleemstelling van die Bybel. Die probleem wat die Bybel na vore bring is dié van sonde-genade. Die probleem van die eksisten=sialisme verdoesel die eintlike probleem. Die grond=

165) Ibid., p. 201.

probleem van die mens skuil nie in sy verhouding tot die natuur nie (die wetenskaplike denke oor die natuur; die tegniese beheersing van die natuur en die objekti= verend besig wees met die geskiedenis) nie. Sy probleem lê in sy verhouding tot God.[166)]

Tot 'n ander valse teenstelling word daar geraak as Sölle i.v.m. die navolging van Jesus leer dat nie wat ons glo nie maar wat ons doen, beslissend is. Daar word dus eenvoudig veronderstel dat glo en doen 'n teenstelling is.[167)] Vir só 'n valse teenstelling sal die onderwyser in besonder moet waak!

Ook by Tillich vind ons dualismes, indien nie in= konsekwensies nie: Aan die een kant wil hy die simbole van die Christelike geloof (God, Vader, Koning, ens.) behou en aan die ander kant wil hy die teïsme oorwin. Aan die een kant wil hy die verhouding van God en die mense as 'n dialogiese verhouding sien, aan die ander kant wil hy in 'n absolute geloof die dialoog te bowe kom.[168)]

Let ook op die dualisme by Bonhoeffer: Waarom s sou God daaronder ly as die mens deur mondigwording 'n beter en voller „partner" (medewerker) van God word? Moet die mondigheid van die mens dan vereenselwig word met goddeloosheid? As Bonhoeffer die mondigheid van

166) Van Dijk, M.P. De vraag naar God is deze tyd. Regelrecht, 4(1):pp. 28, 29, Jan. 1967.

167) Van Niftrik, G.C. Theologische revolte. (In Berk= ouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 29.

168) Weiland, J.S. De angelsaksische vernieuwings= theologie, (In Berkouwer, G.C. & Van der Woude, A.S., op. cit., p. 48).

die wêreld opvat as iets waaraan God ly, gee hy tog 'n religieuse interpretasie van die feit van die mondig=heid en dan kom hy in stryd met sy eie bedoelinge: Hy wil juis nie 'n religieuse interpretasie van die wêreld gee nie, maar 'n wêreldlike, nie-religieuse interpreta=sie van die openbaring.[169)]

Verder: Bonhoeffer proklameer met krag die Heer-wees van Christus oor die mondige wêreld en religieuse mens. Hoe kan die mens en wêreld mondig wees en tog 'n Heer hê? Bonhoeffer is ingestel op die konkrete, etiese gebod as gebod van God wat deur Christus tot ons kom. Hoe dit dan met die eiewetlikheid van die wêreld, tot in die sosiale, politieke, etiese en religieuse toe, gerym moet word en ook met die outonomie van die mens, is en bly 'n raaisel. Hoe kan Christus ("Aan My is gegee alle mag wat in die hemel en op die aarde is...") en Macchiavelli („die staat het sy eie wette, ook teen die etiese in") versoen word?[170)]

Volgens Bonhoeffer moet die kerk helpend en die=dienend staan in die mondige wêreld. Het die mondige wêreld dan tog die hulp en die diens van die kerk nodig? En hoe kan die kerk slegs helpend en dienend is die wê=reld staan? Wat van die roeping van die kerk om ook bekerend, ontdemoniserend, (duiwelsuitwerpend) in die wêreld te staan?[171)]

169) Van Ruler, A.A. Vragen over Bonhoeffer aan de orde gesteld. (In: Berkouwer, G.C. & Van der Woude,A.S., op. cit., p. 123.)

170) Loc. cit.

171) Loc. cit.

Verder: Is dit werklik so dat die wêreld, soos Bonhoeffer leer, meer en meer religieloos ontwikkel? Toon Afrika en Asië nie dalk die teenoorgestelde nie? Van Ruler wil selfs van 'n religie-ontploffing in ons tyd spreek, ook in die ou Europa. Om dus die religie= loosheid van die wêreld sommer as feit te konstateer is eensydig en lukraak.[172)]

Die groot vraag t.o.v. Bonhoeffer is: Is die es= chaton by hom die konsummasie van die historiese pro= ses of tog 'n totaal andere werklikheid? Volgens Van Ruler gaan hy in sy uitsprake dan die een, dan die an= der kant uit. Indien eersgenoemde by hom waar is, bly net die medemenslikheid oor; dan verword die kerk tot paradigma van die pro-eksistensie - dan is dit nie meer verwysing na en sakrametele (d.i. voorlopige) re= alisering van die uiteindelike verlossing van die to= tale werklikheid nie. As medemenslikheid die enig= ste gesigspunt van die geloof is, word werklikheid suiwer wêreldsheid en kan mens die geloof ook maar voor die karretjie van die Marxisme span.[173)]

(Eerlikheidhalwe moet hier vermeld word dat baie van die wat hulle op Bonhoeffer beroep, nie eerlik met sy denkbeelde omgaan nie: Sy gereelde Bybellees, sy memorisering van Skrifgedeeltes en Christelike liede= re, sy verlange na 'n kerkdiens, sy vertroue op die leiding van God, sy radikale aanhanklikheid aan en ge= borgenheid in Christus, sy gebede en voorbedes, sy hoogskatting van die kerk, ens. word deur die linkse

172) Loc. cit.

173) Ibid., pp. 28, 29.

teoloë sorgvuldig genegeer.)[174]

Die moderne teologie is, ten slotte, nie gebasseer op 'n bepaalde eksegese van die Skrif nie, maar op sekere filosofiese begrippe.[175] Dié teologie kom nie voort uit die werking van die Heilige Gees nie, maar uit die tydsgees. Dit het niks in gemeen met die Reformasie nie, wel met die wysbegeerte.[176] Michael Hinton sê tereg: „... that some radicals surrender too readily to the spirit of the age."[177] Dit is oor die algemeen gesproke baie seker dat die eksistensieteologie 'n verfilosofeerde teologie is, 'n teologie wat slaaf geword het van die wysbegeerte.

## 2.15 Ten slotte

Henry is van mening dat die hedendaagse teologie probeer opstyg het op 'n aanloopbaan wat te kort is om dit in die lug te kon instuur.[178]

Dit is baie duidelik dat die eksistensieteologie alle toegewyde Bybel-Christene oproep om met alle mag tot die stryd toe te tree - daar moet rigting gegee word in ons tyd, veral aan die jeug en sy opvoeders. Ons tyd roep om 'n nuwe sistematiese teologie. Daar is 'n groeiende behoefte aan 'n komprehensiewe lewens-

174) Vgl. Bonhoeffer, D. Widerstand und Ergebung.

175) Clark, G.H. e.a., op. cit., p. 12.

176) Bergmann, G., op. cit., p. 117.

177) Hinton, M. Religious education in a secular society. Learning for living, Sept. 1968, p. 11.

178) Henry, C.F.H. Where is modern theology going? Christianity today, 12(11), p. 5, 1 Mrt. 1968.

en wêreldbeskouing wat reg laat geskied aan die kon=
krete wêreld, lewe en ervaring waarin die moderne mens sy beslissinge moet neem. Hier het die Calvinistiese teologie en wysbegeerte 'n onmiddellike en enorme taak.